# HOOFSTUK 2

# PIONIERVESTIGING EN ONTSTAANSGESKIEDENIS

Die sosiaal-kulturele ontwikkeling van Krugersdorp is in 'n groot mate beïnvloed deur die grondlegging van die dorp en daaropvolgende gebeure. Faktore soos die ontdekking van goud en die Transvaalse Oorlog (Eerste Vryheidsoorlog) het nie net tot die stigting van Krugersdorp bygedra nie, maar dit het ook 'n belangrike invloed gehad op die sosiale en ekonomiese ontwikkeling van die dorp. Die Paardekraalmonument was vir dekades die middelpunt waarom kultuuraktiwiteite gewentel het en waaraan die voortbestaan van die Blanke Afrikaner gekoppel was.

Hierdie hoofstuk dien as agtergrond vir die studie oor die sosio-kulturele ontwikkeling van Krugersdorp. Behalwe die bogenoemde faktore, word aandag ook gegee aan die voorgeskiedenis van die omgewing met spesifieke verwysing na die *Australopethicus* fossielfondse by die Sterkfonteingrotte en die vroeë vestiging van die Tswana aan die Witwatersrand. Ter afsluiting van die hoofstuk word aandag gegee aan die toestande in die dorp en in die konsentrasiekamp tydens die Suid-Afrikaanse Oorlog.

Die hoofstuk is tematies ingedeel in afdelings oor die voorgeskiedenis, die ystertydperk gemeenskappe van die Krugersdorp omgewing, die ontstaan van Krugersdorp en die Suid-Afrikaanse Oorlog.

## 2.1. STEENTYDPERK HOMINIDAE[1] IN DIE GESKIEDENIS VAN KRUGERSDORP

Suid-Afrika het 'n baie ryk fossielerfenis en die omgewing van Krugersdorp is wêreldbekend vir die ryk fossieldraende terreine. Die Sterkfonteingrotte is waarskynlik, danksy die ontdekking van 'n volledige skedel van die

---

1 "Hominidae" dui die familiegroep aan wat bestaan uit alle Homo (mens) en Australopethicus spesies. Dit sluit nie die aapspesies in nie. Biblioteeek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer S19, *Sterkfontein Caves*, sd.

*Plesianthropus Transvalensis* (Mrs. Ples) deur dr. Robert Broom[2], die bekendste van almal. Wetenskaplikes het later bepaal dat Mrs. Ples 'n subspesie van die *Australopithecus* is en dit *Australopithecus Africanus Transvalensis* genoem.[3] Die belangrikheid van die Sterkfonteingrotte as fossielvindplek word deur Martin Ellis[4] beklemtoon. Die fossiele wat hier gevind word, is nie net van hoogstaande gehalte nie, maar die groot hoeveelhede waarin dit voorkom, maak die Sterkfonteingrotte die rykste enkele fossielvindplek vir die studie van die vroeë herkoms van die mens ter wêreld. Verwysing na die Sterkfonteingrotte kom in honderde publikasies in feitlik alle tale ter wêreld voor.[5]

Ander fossielterreine is geleë te Zwartkrans, Kromdraai en Gladysvale. Hierdie terreine is almal binne enkele kilometers vanaf die Sterkfonteingrotte, soos aangedui op Kaart no.1. Verskeie ander geïdentifiseerde terreine word nog nie aktief ontgin nie as gevolg van die hoë fossielinhoud van die genoemde terreine.

Die fossielfondse van hierdie terreine vorm die essensie van die voorgeskiedenis van Krugersdorp. Opgrawings by die Sterkfonteingrotte het

---

2 Dr. Robert Broom was 'n Skotse medikus en paleontoloog wat eers in Australië gewerk het, voordat hy na Suid-Afrika gekom het. Hy was een van die weinige paleontoloë wat die teorie van Raymond Dart gesteun het, naamlik dat die skedel van die "Taung-kind" dié is van 'n aapspesie met soveel menslike eienskappe dat dit as 'n tussenstadium tussen die ape en die mens beskou moet word. Dart het dit *Australopithecus* genoem. Broom het geglo dat hy Dart se stelling sou kon bewys deur 'n volwasse *Australopithecus* te vind. Hy het in die Karoo talle fossiele van soogdiere en reptiele ontdek voordat hy hom op die Sterkfonteingrotte toegespits het. P.V. Tobias, "Die voorgeskiedenis van die mens in Afrika", T. Cameron & S.B. Spies, *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*, pp.13-14.

3 P.V. Tobias, "Die voorgeskiedenis van die mens in Afrika"..., p.14.

4 Martin Ellis is 'n voormalige President van die Krugersdorp Rotary Club. Hy was vir etlike jare ten nouste betrokke by die ontwikkeling van die toeristepotensiaal van die Sterkfontein-grotte deur die Rotariërs en die vader van die Klub se "Preserve Planet Earth project". Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr R10, *Rotary Club*, sd.

5 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr S19, M. Ellis, *Preserve Planet Earth*, 1995.

'n ryk fonds hominidae[6] opgelewer. Negentien eksemplare van die *Australopithecus* is deur dr. Broom voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog ontdek. Tussen 1947 en 1949 het Broom met die hulp van J.T. Robinson verskeie ander eksemplare ontdek, insluitende die skedel van Mrs. Ples.[7] 'n Derde fase van opgrawings by Sterkfontein (1956-1958) onder leiding van Robinson en C.K. Brain het ook klipwerktuie uit die laer Acheulindustrie blootgelê. Die ontdekking van hierdie klipwerktuie was amper net so 'n belangrike fonds as die fonds van die eerste hominidae by Sterkfontein.[8]

Die vierde en huidige fase het in 1966 onder leiding van P.V. Tobias en A.R. Hughes van die Universiteit van die Witwatersrand 'n aanvang geneem en die ryk fonds van 650 hominiede eksemplare en meer as 100 000 fossiele opgelewer. Dit sluit voorbeelde van die *Australopithecus Africanus* en *Homo Habilis* in.[9] Dr. Ronald Clark van die Universiteit van die Witwatersrand is tans in beheer van die opgrawings by Sterkfontein. "Met die ontwikkeling van *Australopithecus* tot *Homo Habilis* het die mens 'n mylpaal in sy wording bereik. In werklikheid het dit die kloof tussen "menslike" en "dierlike" hominiede oorbrug."[10]

Die *Australopithecus Robustus* wat in 1938 by Kromdraai ontdek is, is argeologies jonger as die Sterkfontein spesies. Volgens dr. F. Thackeray van

---

6 In die Afrikaanse volksmond word ook na 'n hominied as 'n "aapmens" verwys, wat die dierlike en menslike eienskappe wat by die hominied aangetref word, beklemtoon. Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer S19, *Sterkfontein Caves*, sd.

7 P.V. Tobias, "Die voorgeskiedenis van die mens in Afrika"..., p.14.

8 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, R.J. Clark, "Guide to the Sterkfontein fossil hominid site", in *Field excursion guide prepared for the 7th Biennial Conference of the Palaeontological Society of Southern Africa, 10-11 September 1992*, p.3. J.D. Clark, *The pre-history of Southern Africa*, pp.72,114. Die Acheulindustrie verwys na klipwerktuie met dieselfde karaktereienskappe wat vir die eerste keer in St. Acheul in Frankryk geïdentifiseer is. Die werktuie van die hoër Acheulperiode verskil van die laer periode in die sin dat dit kleiner in formaat en fyner afgewerk is. Kyk J.D. Clark, *The pre-history of Southern Africa*, pp.72,114.

9 Museum, Krugersdorp, J.G. Louw, *Die voorgeskiedenis van Krugersdorp: 'n Algemene oorsig betreffende gebeure in die res van Suid-Afrika, met spesifieke verwysing na die spesiale lewensvorme en hul vindplekke wat in die Krugersdorp gebied voorgekom het* (ongep. navorsingstuk, Gauteng Provinsiale Regering: Direktoraat Kuns, Kultuur en Erfenis, Subdirektoraat Museumdiens, 1995), p.71.

10 P.V. Tobias, "Die voorgeskiedenis van die mens in Afrika"..., p.19.

die Transvaal Museum[11] verskil die "Robust" fossiele van Kromdraai van dié wat by Zwartkrans gevind is, wat die vraag laat ontstaan of ons hier met twee verskillende spesies te doen het.[12] Die "Robust-tipe" wat by Zwartkrans gevind is, het groter wangtande as die wat by Kromdraai gevind is, saam met klein voortande. Terselfdertyd het hulle klein harsings gehad, en is hulle skelette aangepas by 'n regop posisie en 'n tweebeengang, kenmerke wat hulle met alle ander lede van die genus *Australopithecus* in gemeen het. Die ontdekking by Kromdraai en Zwartkrans bewys volgens Tobias[13] dat nie al die oeroue hominiede van Afrika as voorsate van die latere *Homo Sapiens* beskou moet word nie. Sy gevolgtrekking is dat hominidae in 'n stadium vertak en in uiteenlopende soorte ontwikkel het.

Die Gladysvale-terrein is sowat dertien kilometer noordoos van die Sterkfonteingrotte. Die terrein word nie op dieselfde skaal as die reedsgenoemde terreine ontgin nie. Die fokus van die opgrawings is meer gerig op die paleo-ekologie van die terrein en die ontwikkeling van 'n meer akkurate (relatiewe) datering vir die vorming van fossieldraende breccia[14]. Benewens die fossiele van *Australopithecus Africanus* het die opgrawings wat in Oktober 1991 'n aanvang geneem het, meer as 300 fossiele, verteenwoordigend van 64 geïdentifiseerde spesies van bestaande en uitgestorwe groot soogdiere, opgelewer.[15] Die betekenis van die opgrawings by Gladysvale lê daarin dat dit lig werp op diereoorblyfsels wat in die teenwoordigheid van hominidae gevind word.

Die aard en lewenswyses van die hominidae wat in die Krugersdorpomgewing geleef het, word deur J.G. Louw bespreek in haar

---

11 Die Transvaal Museum, Pretoria, is in beheer van die opgrawings te Kromdraai.

12 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, J.F. Thackeray, "Brief history of excavations at Kromdraai", in *Field excursion guide prepared for the 7th Biennial Conference of the Palaeontological Society of Southern Africa, 10-11 September 1992*, p.7.

13 P.V. Tobias, "Die voorgeskiedenis van die mens in Afrika"..., pp.15,16.

14 "Breccia" is 'n gesteente wat ontstaan uit brokstukke van ander gesteentes, skulpe, been, ensovoort, en sekondêr gebind word met sand en kalk. F.F. Odendaal (hoofred.), *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*, p.116.

15 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, L. Berger & A. Keyser, "Guide to Gladysvale Cave", in *Field excursion guide prepared for the 7th Biennial Conference of the Palaeontological Society of Southern Africa*, pp.8,9.

navorsing vir die Krugersdorp Museum oor die voorgeskiedenis van Krugersdorp.[16] Sy toon die volgende sosio-kulturele kenmerke aan:

*Australopithecus Africanus* is ongespesialiseerd wat dieet betref. Hulle loop regop en gebruik werktuie, wat hulle nie self gemaak het nie. Werktuie was eerder gebruik in situasies waar verdediging nodig was. Hulle sou dus moontlik klippe gebruik het, wat hulle sou gooi om vyande mee af te skrik.

*Australopithecus Robustus* was growwer gebou as die *Australopithecus Africanus*. Hulle voortande was aangepas vir 'n vegetariese dieet.

*Homo Habilis* beteken "handige mens". *Homo Habilis* is die vroegste verteenwoordiger van die *Homo* genus. Die naam is te wyte aan die feit dat die *Homo Habilis* se duim baie meer beweeglik was en dat hulle gevolglik hul eie werktuie gemaak het. Hierdie werktuie staan bekend as die Olduvai Industrie.[17] Die *Homo Habilis* het selektief te werk gegaan met die keuse van klipmateriaal vir die maak van sy werktuie. Die kultuurkenmerke van die werktuie onderskei tussen kappers, diskoïede (sny instrumente) en klowers.

Die *Homo Habilis* was waarskynlik nomadiese jagter-versamelaars met die klem op versamelaktiwiteite, wat in klein groepies saam gewoon het. Die afleiding kan gemaak word dat vleis 'n baie belangrike deel van die *Homo Habilis* se dieet uitgemaak het, vanweë die groot hoeveelhede dierebeendere wat saam met die oorblyfsels van die H*omo Habilis* gevind is.

*Homo Erectus* beteken regop mens. Die *Homo Erectus* is die waarskynlikste voorganger van *Homo Sapiens*. In die vervaardiging van werktuie het die *Homo Erectus* meer beheer oor die ru-materiaal van werktuie gehad, wat deur hulle fyner afgewerk is. Die *Homo Erectus* se werktuie word onder die Acheul Industrie[18] ingedeel. Die Acheul Industrie word in die Laer Acheul

---

16 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, J.G. Louw, *Die voorgeskiedenis van Krugersdorp...*, pp.85-96. Kyk ook R.E. Leakey & R. Lewin, *Origins*, pp.80-145 en R.R. Inskeep, *The peopling of Southern Africa*, pp.21-83.

17 "Olduvai industrie" verwys na die groot hoeveelheid klipwerktuie wat in die Olduvai-ravyn in Noord-Tanzanië gevind is. Dr. Mary Leakey het in die jare 1963 tot 1968 meer eksemplare van die Homo Habilis by Olduvai gevind en die verband tussen die aanwesigheid van die hominiede en die klipwerktuie bepaal. Kyk R.E. Leakey & R. Lewin, *Origins*, pp.80-145.

18 Kyk voetnoot 8 vir verwysing na Acheulindustrie.

(ru-afgewerkte werktuie) en die Hoër Acheul (fyn afgewerkte werktuie), ingedeel. Die kultuurkenmerke van die werktuie onderskei tussen handbyle, kappers, klowers, skrapers en die dubbelwangmes.

Die *Homo Erectus* was ook jagter-versamelaars. As gevolg van die beter tegnologiese ontwikkeling was hulle beter jagters as die *Homo Habilis*. Hulle het onder andere van dryfjagte gebruik gemaak. Oorblyfsels van verbrande beenmateriaal dui daarop dat *Homo Erectus* moontlik die eerste gebruiker van vuur kon gewees het. Die oudste tekens van vuurmaakaktiwiteite in die wêreld is gevind by Zwartkrans.

Die bestaan van die Sterkfonteingrotte was nie aan die moderne mens bekend nie. 'n Italianer, Guilermo Martinaglia, het in 1893 in die omgewing vir goud geprospekteer toe hy 'n "wondergat" teen die hang van 'n heuwel oopgeskiet het. Martinaglia het meer in die groot kalkneerslag wat hy ontdek het, belanggestel, as in die moontlike ontginning van die grot self. In die proses is honderde fossiele van pre-historiese mense en diere saam met die breccia fyngemaal. 'n Groot deel van die vroeë geskiedenis van die mensdom is sodoende teen die mure van amper elke ou huis in Krugersdorp en die distrik vasgepleister.[19]

Die Sterkfonteingrotte was ten tye van hulle ontdekking gevul met stalaktiete en stalagmiete. Die grotte bestaan uit ses groot spelonke wat deur 'n netwerk van kleiner gangetjies verbind is. Die grootste spelonk, die "Saal van Olifante", is nagenoeg 27 meter hoog en 100 meter lank. Op 'n diepte van ongeveer 45 meter is daar 'n ondergrondse meer met kristalhelder water. Oor die meer hang pragtige stalaktiete wat op die wateroppervlakte weerkaatsend skitter.

Die eerste wetenskaplike wat die grotte besoek het, was David Draper. Hy het in 1897 die Geologiese Vereniging van Suid-Afrika toegespreek en 'n beroep op die eienaars van die grotte gedoen om enige onverantwoordelike vernietiging van die grot te voorkom. Draper het ook voorbeelde van die fossiele na die Britse Museum in Londen gestuur.

19 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr S19, pamflet, H. Zeederberg, *The Sterkfontein Caves*, sd.

‘n Gedeelte van die grotte is in 1920 deur ‘n daad van vandalisme vernietig toe ‘n sekere mnr. Nolan met die eienaar van die grond stry gekry het oor die hernuwing van sy huurooreenkoms. Nolan het uit wraak ‘n groot lading dinamiet in die grot laat ontplof en sodoende doelbewus die stalagmiete en stalagtiete vernietig. Hierdie daad het die toerisme potensiaal van die Sterkfonteingrotte ernstig benadeel.[20]

‘n Sakeman van Krugersdorp, Robert Cooper, het in 1930 die kalkproduksie by die grotte oorgeneem. Sy bestuurder, George Barlow, het sy aandag op die groot hoeveelheid fossiele in die grotte gevestig, waarop Cooper die grotte deeglik verken en ondersoek het. Hy het Barlow opdrag gegee om ‘n aantal van die fossieleksemplare in ‘n “visitor’s hut” by die grotte uit te stal en ‘n pamflet gepubliseer waarin hy besoekers genooi het om die “missing link” in die Sterkfonteingrotte te kom soek. Hy het selfs tweesitplekkano’s aan besoekers beskikbaar gestel om die ondergrondse meer te verken.[21]

Doktor Robert Broom het in 1936 na aanleiding van die publisiteit wat Cooper aan die Sterkfonteingrotte verleen het, ‘n besoek aan die grotte gebring. Barlow het aan hom die fossieleksemplare gewys. Broom se merkwaardige intuïsie het hom gewaarsku dat hy hier op ‘n paleontologiese skatkamer afgekom het. Hy versoek Barlow daarom om al die fossiele wat hy kry, vir hom eenkant te sit.[22] Die betrokkenheid van Broom by die Sterkfonteingrotte en die betekenis van sy werk in die ontsluiting van die geskiedenis van die mensdom is reeds na verwys. Sy betrokkenheid het ‘n era ingelui wat die grotte wêreldwyd toeganklik gemaak het vir paleontoloë en wetenskaplikes. Die grotte plus 27 hektaar van die omliggende grond is in 1958 aan die Universiteit van die Witwatersrand geskenk nadat onderhandelinge tussen die eienaars en die Stadsraad van Krugersdorp nie

---

20 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr S19, pamflet, H.B.S. Cooke, *Preservation of the Sterkfontein Ape-man Cave-site, South-Africa*, sd.

21 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr S19, Korrespondensie, koerantknipsels en pamflette insake Sterkfonteingrotte.

22 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr S19, pamflet, H. Zeederberg, *The Sterkfontein Caves*, sd.

vordering gemaak het nie.[23] Die grotte was daarna vir die publiek slegs sporadies toeganklik op dae en tye wanneer die Universiteit dit vir besoekers, meestal per voorafgereelde afspraak, kon oopstel.

Die toeriste potensiaal en opvoedkundige waarde van die Sterkfonteingrotte is in 1988 deur die Krugersdorp Rotary Club besef. Die Rotariërs het 'n ooreenkoms met die Universiteit van die Witwatersrand gesluit en die ontwikkeling en bestuur van toeriste fasiliteite by die grotte op hulle geneem. Sedertdien word begeleide toere onder ervare gidse elke uur daagliks, Dinsdae tot Sondae, deur die grotte geneem. Elke toer duur ongeveer 45 minute. Honderde skoolkinders, buitelandse besoekers en die publiek besoek jaarliks die grotte. Die Robert Broom Museum, aangrensend aan die toeriste fasiliteite, verskaf basiese inligting van die belangrikste fossielfondse wat die grotte opgelewer het. 'n Besoek aan die Sterkfonteingrotte is veral gewild onder Swartskole.

Die feit dat die Sterkfonteingrotte vir Swartgemeenskappe kulturele betekenis kan hê, het onlangs aan die lig gekom. Sekere kultuurgroepe het al in die verlede reinigingsrituele aan die oewer van die ondergrondse meer beoefen en kleipotte met voedsel is ook al in die omgewing van die meer gevind.[24] Volgens mev. Aletta Mohakabe, 'n tradisionele geneser van Kagiso, kan 'n besoek aan die grotte haar "krag" as tradisionele geneser versterk, omdat sy daar kontak met voorvaders - en "die mense van die ou tyd" - kan maak. Volgens haar sal 'n bad in die ondergrondse meer haar reinig van "dinge" wat haar verhinder om insig te verkry in die probleme van kliënte. Sy het ook beweer dat baie tradisionele genesers tydens 'n besoek aan die Sterkfonteingrotte "geroep" is tot hulle professie.[25] Die kulturele betekenis van die Sterkfonteingrotte is 'n nuwe studieveld vir die antropologie, wat meer aandag in die toekoms verdien.

---

23 Isaac Edwin Stegmann het die plaas Zwartkrans in 1910 van Joseph Seehoff gekoop. Stegmann se kinders en erfgename, Edwin de Villiers Stegmann, Renee Maynier en George Stegmann, het die grond in 1958 aan die Universiteit van die Witwatersrand geskenk. Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer S19, korrespondensie en koerantknipsels.

24 M. Ellis, Onderhoud, Maart 1995.

25 A. Mohakabe, Onderhoud, Maart 1995.

## 2.2. DIE YSTERTYDPERK GEMEENSKAPPE VAN DIE KRUGERSDORP OMGEWING

Fossielfondse dui daarop dat die laaste *Australopithesene* sowat 'n miljoen jaar gelede in Afrika uitgesterf het.[26] Volgens Bredenkamp[27] was Suid-Afrika tot sowat 2000 jaar gelede deur wydverspreide groepe jagters-versamelaars bewoon. Die San (Boesman) was, volgens Mason,[28] deur die koms van die eerste Swartmense na Suid-Afrika uit die Witwatersrandgebied verdring.

Daar is heelwat meningsverskil oor wanneer die eerste groep van die hedendaagse Swartvolke na Suider-Afrika gemigreer het. Elkeen van hierdie gemeenskappe het sy eie taal en kultuurgebruike gehad. Die ystertydperk gemeenskappe van die Witwatersrand-Mageliesberg vorm 'n geografiese eenheid op grond van die eendersheid van die woonterreine.[29] Op grond van hierdie kenmerke verwys "Krugersdorp-omgewing" in hierdie bespreking na die Witwatersrand-Magaliesberg ystertydperk gemeenskappe.

Volgens Maggs[30] word dit algemeen aanvaar dat die verspreiding van die ystertydperk kultuur die Bantoe taalgroepe in Suider-Afrika aanvul. Die verspreiding van die Swartvolksgroepe suid van die Sahara word onder andere deur middel van taalgebruik bestudeer. Die (Laat) Ystertydperk gemeenskappe van die Witwatersrand-Magaliesberg was hoofsaaklik Sotho-Tswana sprekendes wat hulle vanuit Botswana hier gevestig het. Stamme soos die Bahurutse, Bakwena en Bakgatla kan met hierdie gemeenskappe verbind word.[31]

---

26 P.V. Tobias, "Die laaste miljoen jaar in Suid-Afrika", T. Cameron & S.B. Spies, *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*, p.20.

27 H.C. Bredenkamp, "Jagters, herders en landbouers", T. Cameron & S.B. Spies, *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*, p.28.

28 R.E. Mason, *The origin of the African people of the Johannesburg area*, p.4.

29 Museum, Krugersdorp, J.W. van der Westhuizen & J.G. Louw, *Die ystertydperk gemeenskappe van die Krugersdorp omgewing* (ongep. navorsing, Gauteng Provinsiale Regering, Direktoraat: Kuns, kultuur en erfenis, Subdirektoraat: Museumdiens, 1995), p.14.

30 T. Maggs, "Die vroeë geskiedenis van die Swartmense in Suider-Afrika", T. Cameron & S.B. Spies, *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*, p.37.

31 Museum, Krugersdorp, J.W. van der Westhuizen & J.G. Louw, *Die ystertydperk gemeenskappe van die Krugersdorp omgewing...*, p.14.

Die ystertydperkbewoners het hulle ongeveer 1600 jaar gelede in die omgewing van Broederstroom gevestig.[32] Hierdie mense was herders wat hoofsaaklik met skape en bokke 'n nomadiese bestaan gevoer het. Onder die kulturele gebruiksvoorwerpe en ornamente wat by Broederstroom gevind is, was voorwerpe van yster, klei, ivoor, koper, been, skulp, seepsteen en volstruiseierdop. Ongeveer ses ander vroeë ystertydperkterreine is in die Magaliesvallei gevind.[33]

Mason het in sy *Origins of the African people of the Johannesburg area* die lewenswyse van die Laat Ystertydperk gemeenskappe in die Witwatersrand-Magaliesberg nagevors. Die volgende gemeenskaplike kenmerke kan ten opsigte van die lewenswyse van die gemeenskappe afgelei word:[34]

- Klipvestigings was teen hoërliggende platorande aangelê. Hierdie hoërliggende gebiede verskaf gewoonlik beter weiding en bied ook 'n goeie uitsig.
- Potwerk is gewoonlik grys of donkerkleurig, met fyner afgewerkte dekorasie op die romp van die pot.
- Veeboerdery word die belangrikste ekonomiese bestaanswyse. Beeste en hul kraalkomplekse vorm die middelpunt van enige vestiging, nogtans was jag, akkerbou en versamel steeds die belangrikste bedrywe.
- Tegnologiese ontwikkeling dui op grootskaalse smeltbedrywighede. Ander metale soos goud, koper en tin is ook gemyn, wat 'n toename in die handel meegebring het.

As etniese groep het die Tswana nie 'n staatkundige eenheid gevorm nie, maar bestaan uit 'n konglomeraat van onafhanklike kultuurgemeenskappe, wat 'n

32 R.E. Mason, *The origins of the African...*, p.6.

33 Museum, Krugersdorp, J.W. van der Westhiuzen & J.G. Louw, *Die ystertydperk gemeenskappe van die Krugersdorp omgewing...*, pp.7,8,13.

34 R.E. Mason, *Origins of the African...*, pp.1-91. Kyk ook Museum, Krugersdorp, J.W. van der Westhuizen & J.G. Louw, *Die ystertydperk gemeenskappe van die Krugersdorp omgewing...*, pp.13-33.

historiese verband met mekaar gehad het.[35] Die voorgeskiedenis van die Tswana berus op oorlewering wat vele variasies aanneem en waarin, volgens Van der Westhuizen, talle teenstrydighede voorkom. Die teenstrydighede is volgens hom deels verklaarbaar uit die vaagheid van mondelinge oorlewering en deels uit variasies in die optekening van gegewens.

Die versamelnaam *Batswana* word gevorm deur bat itswana, wat beteken: "Hulle wat hulleself van mekaar geskei het". Die Bahurutse, Bakwena en Bakgatlagroepe moes oorspronklik as eenheid na Suider-Afrika getrek het. Hulle het hulle in ongeveer 1400 onder Mogale in die omgewing van die Magaliesberge gevestig as die Bahurutse. Die stam het daarna verdeel as gevolg van verskeie twiste oor troonopvolging en die kapteinskap. Die Bakwena het eerste weggebreek en hulle in 1450 by Modimong in die Taunggebied gevestig. Die Bakgatlagroep het hulle in 1690 by Pilansberg gevestig. Beide die Bakwena en die Bakgatla beskou die Bahurutse as hulle seniors.[36]

In die lig van bogenoemde agtergrond kan die aanname gemaak word dat die Tswana van die Laat Ystertydperk wat hulle aan die Witwatersrand gevestig het, tot die Bahurutse behoort het. Die oorblyfsels van groot statte in die Witwatersrand-Magaliesbergstreek stem ooreen met die tradisionele vestigingswyse van Kaditshwene, hoofsetel van die Bahurutse, wat in Mei 1820 deur die sendeling en reisiger John Campbell beskryf is.[37] Van der Westhuizen wys ook daarop dat die tradisionele Tswana vestigingswyse in 'n mikro- en 'n makrovestigingspatroon verdeel kan word: "Die makrovestigingspatroon dui die woonplek van die stam aan. Die algemene besitreg van grond was kommunaal. Die basis waarop die grondverdeling by die Tswana berus het, was die algemeen sosio-politieke gewoontereg van die

---

35 Museum, Krugersdorp, J.W. van der Westhuizen & J.G. Louw, *Die ystertydperk gemeenskappe van die Krugersdorp omgewing...*, p.34.

36 Museum, Krugersdorp, J.W. van der Westhuizen, *Tswana Opelugmuseum, Gangbaarheidstudie* (ongep. navorsing Transvaalse Provinsiale Museumdiens, 1993), pp.33-38. Die datums 1400, 1450 en 1690 word by benadering deur van der Westhuizen gebruik omdat die gegewens hoofsaaklik op mondelinge oorlewering berus.

37 Museum, Krugersdorp, J.W. van der Westhuizen, *Tswana Opelugmuseum...*, pp.39,40. Kyk ook J. Campbell, *Travels in South Africa: being a narrative of a second journey, 1820*, pp.220-225.

stam. Die hele stamgebied was in wyke verdeel en deur 'n wykshoof geadministreer. Weiding was kommunaal op 'n wyksbasis deur al die gesinne gebruik.

"Die wyk (**kgôro**) vorm die kern van die mikrovestigingspatroon. Die algemene vestigingsplanvorm van die **kgôro** is ovaal tot sirkelvormig met wooneenhede wat naby mekaar opgerig word. Die **kgôro** heet na die hoof van die wyk, wat 'n direkte afstammeling van die stigter van die stam is. Afgesien van sy sosiale funksie dien die wyk ook as 'n administratiewe en ekonomiese eenheid. Die **kgôro** stelsel moes met die aanvang van die 19$^{e}$ eeu goed onder die Tswana gevestig gewees het".[38]

Die Tswanasprekende groepe het die Witwatersrand-Magaliesberg omgewing wydverspreid beset. Tot datum is geen aanduiding van die groot ystertydperk vestigings in die direkte omgewing van Krugersdorp gevind nie. Trouens, met die uitbreek van die difaqane[39] is die gebied aan die Witwatersrand verder ontvolk, of oorlewendes is gedwing om in beskutte plekke skuiling te soek, wat die indruk gelaat het dat die gebied "leeg en onbewoon" was toe die eerste Blankes aan die voorpunt van die Groot Trek na die gebied verhuis het. Volgens Bergh[40] was die naaste groot nedersetting aan Krugersdorp, die kraal van Mamogale, na wie die Magaliesbergreeks vernoem is, in die omgewing van die teenswoordige Brits. Ander nedersettings was in die omgewing van Hammanskraal en Pilansberg. Die Bakwena ba Mogopa-stam van Mamogale is in 1828 deur die Amandebele van Mzilikazi aangeval. Mamogale het met 'n groep van sy volgelinge na die omgewing van Hammanskraal gevlug, maar in ongeveer 1837 teruggekeer na sy oorspronklike stat nadat die Voortrekkerleier Hendrik Potgieter die Amandebele by Mosega verslaan het.

---

38 Museum, Krugersdorp, J.W. van der Westhuizen & J.G. Louw, *Die ystertydperk gemeenskappe van die Krugersdorp omgewing...*, pp.35-37.

39 Die difaqane is 'n sonderlinge krisis wat stamme verpletter, ander versprei en die oorblyfsels in nuwe kombinasies saamgegooi het. Die Nguni-sprekende stamme het na dié krisis verwys as die *mefecane*, wat "verpletter in 'n totale oorlog" beteken. Die Sotho-sprekende volke het dit *difaqane* genoem, wat "gedwonge verhuising" beteken. Die difaqane het oor 'n enorme gebied gewoed en 'n spoor van dood, verwoesting en ontvolking agter gelaat. R. Edgecombe, "Die Mefecane of Difaqane", T. Cameron & S.B. Spies, *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*, pp.115-125.

40 J.S. Bergh, "Grondregte in Suid-Afrika: 'n 19de eeuse Transvaalse perspektief", in *Historia*, Vol.40, No.2, Nov. 1995, pp.39-47.

Bergh gaan voort om daarop te wys dat die eerste Blanke pioniers wat hulle in die Rustenburgdistrik[41] gevestig het, hulle in die omgewing van die samevloeiing van die Krokodil- en Magaliesriviere, in die omgewing van Mamogale se kraal, gevestig het. Die pioniers het veral sedert 1840 daarop aangedring dat die Bakwena vir hulle moes werk. Die Bakwena was nie hiermee gediend nie. Hulle is in 1852 in 'n oorlog deur Paul Kruger verslaan en daarna gedwing om vir die Blankes te werk. Mamogale self het met 'n groep volgelinge na Basoetoland (Lesotho) gevlug, waar hy saam met Moshoeshoe betrokke geraak het in laasgenoemde se stryd teen die Blankes. Hy keer terug na die Transvaal en vestig hom by Mantahole (Bethanie) nadat Basoetoland deur die Blankes verower is. Mamogale is volgens oorlewering in 1884 oorlede en opgevolg deur sy seun Radikane.

Alhoewel daar geen groot Swartnedersetting meer aan die Witwatersrand was met die aankoms van die eerste Blanke pioniers nie, het dit nie noodwendig geïmpliseer dat die Batswana hulle aanspraak op die grond laat vaar het nie. Die Blanke daarenteen het hulle aanspraak gegrond op die feit dat hulle Mzilikazi oorwin en verdryf het. As "veroweraars" kon hulle hulle vestig waar hulle wou. Die vinnige vestigings en uitbreiding van Blanke nedersettings het spoedig inbreuk gemaak op die tradisionele woongebiede van die Batswana. Die bepaling dat Blanke mans wat hulle voor 1852 in die gebied noord van die Vaalrivier gevestig het, geregtig was op twee plase van ongeveer 3500 hektaar elk, het bygedra tot die verdringing van Swartgroepe uit hulle tradisionele woongebiede. Die algemene onstabiele toestand onder die Swartgemeenskappe as gevolg van die difaqane, het daartoe bygedra dat die Swartmense hulle nie effektief teen die vestiging van die eerste Blanke pioniers verset het nie.[42]

Plaasnaamgewing onder die Blanke pioniers kan as 'n sterk aanduiding gebruik word van die natuurlike en kultuuromgewing waarin die pioniers hulle gevestig het.[43] Volgens Bergh[44] kan die plaasnaam "Kafferskraal" as 'n aanduiding,

41 Die Krugersdorpdistrik is eers in 1894 geproklameer. Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer K13, *Krugersdorp, vroeë geskiedenis*, sd.

42 R. Edgecombe, "Die Mefecane of Difaqane"..., p.125.

43 Verwys na die bespreking in hoofstuk een van die rol van pleknaamkunde in die skryf van plaaslike geskiedenis.

44 J.S. Bergh, "Grondregte in Suid-Afrika...", in *Historia*, Vol.40, No.2, Nov. 1995, pp.39-47.

gebruik word vir die afleiding dat die naam ontleen is aan die teenwoordigheid van 'n Swartnedersetting, wat vroeër op die plaas was, of nog steeds is. Geen plase met die naam "Kafferskraal", of 'n ander verwysing wat dui op die teenwoordigheid van 'n vroeë Swartnedersetting in die omgewing van die plaas, kan in die bestudering van die plaasnaamregisters en vroeë kaarte (kyk Kaart no. 2) van die Krugersdorpdistrik, soos geproklameer in 1894, opgespoor word nie. Verskeie verwysings na die naam "Kafferskraal" kom wel in die Rustenburg-distrik voor.[45] Die aanname word gemaak dat geen Swartnedersettings in die direkte omgewing van Krugersdorp voorgekom het nie ten tye van die vestiging van die eerste Blanke pioniers in die Krugersdorpdistrik.

## 2.3. DIE ONTSTAAN VAN KRUGERSDORP

### 2.3.1 EERSTE BLANKE VESTIGING

Dit kan nie met sekerheid bepaal word wanneer die eerste Blankes hulle aan die Witwatersrand kom vestig het nie. Alhoewel grootwildjagters en goudsoekers soos Karel Kruger hulle voor 1834 in die omgewing van "De Witte Rantjes" bevind het, word geen melding in historiese bronne gemaak nie van 'n permanente Blanke vestiging in die gebied voor die koms van die eerste Blanke pioniers in ongeveer 1839.[46] Duisende grensboere het tussen 1834 en 1840 die destydse Kaapkolonie verlaat om hulle in die binneland te vestig. Hierdie landsverlating, wat as Die Groot Trek bekend staan, word deur Muller[47] beskryf as 'n "georganiseerde landverlating van duisende Afrikaanssprekende grensboere uit die Britse Kaapkolonie na aangrensende gebiede in die noorde en noordooste sonder die bedoeling om ooit terug te keer".

---

45 Kyk Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), Pretoria, RAK, bande 2514, 2528, 2561, 1510, 2545, 2723, Plaasregisters en Kaart 3/515, *Imperial Map of South Africa*, Apr. 1900.

46 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr W6, J. Boekooi, "Gold find came before the Groot Trek", *The Star*, 13 Feb. 1979; G.S. Preller, *Ons goud-roman: Die Marais-dagboek, 1849-1865*, p.14.

47 C.F.J. Muller, "Die Groot Trek-tydperk, 1834-1854", C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, Eerste uitgawe, p.125.

Die eerste Blankes het hulle in ongeveer 1839 teen die hange van die Magaliesberg gevestig.[48] In die periode 1840 tot 1880 het verskeie klein nedersettings (plaasgemeenskappe) aan die oewers van die Magalies- en Krokodolriviere ontstaan, byvoorbeeld Blaauwbank (Magaliesburg), Hekpoort, Scheerpoort en Muldersdrift. Die nedersettings het in die meeste gevalle ontwikkel rondom die patriarg wat hom eerste in die omgewing gevestig het, en het daarna geleidelik uitgebrei namate die seuns groter geword het en hulle eie grond in die omgewing bekom het. Die Jennings-famile van die Magaliesburg-Hekpoortomgewing is 'n goeie voorbeeld hiervan. Die patriarg, James Jenners[49] het hom in 1863 op die plaas Blaauwbank gevestig.[50] William Jennings het hom in 1871 op die plaas Nooitgedacht in die Hekpoort omgewing gevestig.

Die Jennings-familie was groot grondbesitters. John Henry het 14 plase op sy naam geregistreer gehad, Jeremiah twee plase, William James Clement ses plase, Florence May drie plase en Daisy Millicent agt plase. Sommige van die plase was egter onderverdeel sodat elke familielid slegs 'n onderdeel van die plaas besit het. Van die agt plase wat in die naam van Daisy Millicent geregistreer was, het sy vir slegs een plaas die volle titelakte besit. Van die ander sewe plase het slegs gedeelte twee van die onderskeie plase aan haar behoort.[51] Dieselfde waarneming is ook gedoen ten opsigte van die Hartley-familie, waar 98 plaasnommers agtereenvolgens in die plaasregister aangeteken is onder die Hartleynaam. Die grond het aan 23 verskillende familielede van die patriarg, Frederich Henry Hartley, behoort. Ander groot grondbesitters in die

---

48 M.A. Schutte, *Die geskiedenis van Krugersdorp, 1887-1900* (ongep. MA-verhandeling, PU vir CHO, 1976), p.1.

49 Die geskiedenis van die Jennings-familie en hulle aandeel in die geskiedenis van die Magaliesburg-Hekpoortgemeenskap word deur Muriel Sanders in haar outobiografie, *Glimpses of the past*, verhaal. Die gebruik van die oorspronklike van Jenners is in die Transvaal verander na Jennings. Geen verklaring word in die outobriografie hiervoor gegee nie. Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr S14, M. Sanders, *Glimpses of the past*. Kyk ook afdeling oor Godsdiens en kerklike lewe in hoofstuk nege vir rol van Jennings-familie in die ontstaan van die Anglikaanse Kerk in Krugersdorp.

50 Die eerste gouddelwerye aan die Witwatersrand was op die plaas Blaauwbank in 1874 geproklameer. Die ontdekking van goud op Blaauwbank en die betekenis van die delwery in die ontstaan van Krugersdorp word later in hierdie hoofstuk bespreek. D.J. Pieterse, "Die geskiedenis van die mynindustrie in die Transvaal, 1836-1886", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, Deel II, pp.143,145.

51 TAB, Pretoria, RAK, band 2545, verw. 1718, plaasregisters, 1860-1900.

Hekpoort-Scheerpoort-omgewing is Gert Johannes Kok, Johan Christiaan van der Merwe en Andries Gotlieb Labuschagne.[52]

Die tendens het ook voorgekom om afsonderlike plase in die naam van 'n egpaar te registreer, byvoorbeeld plaas nommer 182, Hekpoort, was in die naam van Arend A.J.C. Dieperink geregistreer, terwyl plaas nommer 183 in die naam van sy vrou, Johanna Elizabeth was.[53] Namate al die grond beset geraak het en daar geen ruimte vir verdere uitbreiding was nie, is die plase in kleiner boerdery eenhede onderverdeel. So het Theunis Erasmus byvoorbeeld sy plaas aan tien kinders nagelaat met die opdrag dat elke kind een-tiende van die grond sou besit.[54] Die onderverdeling van die grond het nie altyd beteken dat die plaas in ekonomiese boerdery-eenhede opgedeel was nie. Baie eienaars kon nie 'n behoorlike bestaan op sy deel van die plaas maak nie. Droogtes, maar veral die runderpes van 1896, het tot die verarming van die kleinboere bygedra. Die wat hulle grond verloor het, moes 'n heenkome as bywoners vind. Die plattelandse verarming van die boere is een van die belangrikste oorsake vir die Afrikaner se trek na die stede, wat veral na die eeuwending in momentum toegeneem het.[55]

Die plaasgemeenskappe het 'n hegte eenheid gevorm. Ondertrouery het tot 'n groot mate onder die families voorgekom.[56]

Die Mulderfamilie het in 1866 uit Oudtshoorn na die Transvaal getrek toe hulle voor 'n vol drif in die Krokodilrivier te staan gekom het. Hulle kon eers na 'n wagperiode van drie weke deur die rivier trek, wat hulle toe Muldersdrift noem. Die Mulders het hulle in die vallei, aan die hang van die Witwatersrand, op die plaas Kromdraai gevestig. In die 1880's is 'n ernstige siek Arthur Edgecombe vir weke deur die Mulders versorg nadat hy probeer het om deur

52 TAB, Pretoria, RAK, band 2545, verw. 1720, plaasregisters, 1860-1900.

53 TAB, Pretoria, RAK, band 2545, verw. 1719, plaasregisters, 1860-1900.

54 TAB, Pretoria, RAK, band 2528, verw. 1655, plaasregisters, 1860-1900.

55 Kyk F.A. van Jaarsveld, "Die Afrikaner se Groot Trek na die stede, 1886-1976", P.G. Nel (red), *Die kultuurontplooiing van die Afrikaner*, pp.162,ev.

56 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr S14, M. Sanders, *Glimpses of the past*; TAB, Pretoria, LTG, band 142, verw. 2036, Brief, Director, Burgherland settlements-Secretary, Lieut.-Governor, 11 Febr. 1903.

die vol drif te kom. Die vriendskap tussen hom en die Mulderdogter, Grieta, het gelei tot 'n huwelik tussen die twee, waarna Edgecombe die *Drift Inn* vir reisigers by die drif geopen het. 'n Jenewerkis op die hoek van die toonbank het as eerste "posbus" in die Krugersdorp-distrik diens gedoen. Die Muldersdrift-posagentskap is in 1886 in die taverne geopen.[57]

Een van die leiers van die Groot Trek, Andries Wilhelmus Jacobus Pretorius, het hom ongeveer 1848 aan die voet van die Magaliesberg op die plase *Grootplaats* en *Rust den oude* gevestig, "in die hoek wat gevorm word deur die samevloeiing van die Krokodil- en Magaliesriviere". Pretorius was ook die eienaar van die plaas Paardekraal, waarop Krugersdorp later aangelê is. Paardekraal was een van die eerste plase wat hy in Transvaal aangekoop het, terwyl Grootplaas en Rust den Oude aan hom toegeken is omdat hy homself voor 1852 in die Transvaal gevestig het.[58] Die plaas is bo-op die Witwatersrand geleë en as gevolg van die koeler klimaat, uiters geskik vir 'n perdeboerdery, wat hy onder die toesig van sy broerskind, Marthinus Petrus Wilhelmus (Vaal Martiens) Pretorius, geplaas het. Pretorius het hier op groot skaal met perde geboer, "want hy het oor die honderd ryperde gegee vir die kommando na Boomplaats".[59] Die plaas is na die dood van Andries Pretorius in 1853, oorgedra in die naam van "Vaal Martiens" as Paardeplaats No. 25[60]

Vaal Martiens het vooruitstrewend met perde op Paardeplaats geboer en gereeld karperde, ryperde en perde vir plaaswerk aan die boere en kommando's voorsien.[61] Die klipkraal wat Petorius vir sy perde gebou het, is vandag bekend as "Pretoriuskraal". Die tradisie om op Geloftedag (16 Desember) jaarliks 'n vroegoggend dankdiens by "Pretoriuskraal" te hou, word vandag nog in stand gehou. Die gronddam wat hy as drinkplek vir die perde aangelê het, is in later jare deur die Stadsraad vergroot. Die "Monumentdam" is aan die voet van die Paardekraalmonument geleë. Perdeteelt was in hierdie

---

57 Biblioteek, Krugerdorp, Africanaversameling, inligtingslêer M18, *Muldersdrift Post Office*, sd.

58 J.S. Bergh, "Grondregte in Suid-Afrika ...", *Historia*, Vol.40, No.2, p.40.

59 G.S. Preller, *Andries Pretorius: Lewensbeskrywing van die Voortrekker Kommandant-generaal* pp.346, 377.

60 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer P10, Afskrif van Akte van Transport, 1853.

61 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer P10, *Pretoriusfamilie*, sd.

tyd tot die hoërliggende dele van die land beperk, want perdesiekte het meer in die laerliggende dele en in die laeveld voorgekom. Die verspreiding van perdesiekte word nie soseer deur die hoogte bo seespieël beïnvloed nie, maar wel deur die betreklike hoogte van 'n gebied in vergelyking met die omliggende terrein. Dit is om dié rede dat die bergagtige landskap van die Witwatersrand so geskik is vir perdeteelt.[62]

Paardekraal was in 1880 die setel van 'n Volksvergadering wat gevolg het op Brittanje se anneksasie (1877) van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR). Voor hierdie datum het niks buitengewoon in die Paardekraalomgewing plaasgevind nie.

### 2.3.2 DIE TRANSVAALSE OORLOG VAN 1881

Brittanje het op 12 April 1877 die Zuid-Afrikaansche Republiek geannekseer as die Britse Kolonie Transvaal.[63] Na hulle aanvanklike verslaenheid en verbasing, het die Boere hulle lydelik teen die anneksasie begin verset en twee deputasies na Londen gestuur om oor die onafhanklikheid van hulle Republiek te onderhandel. Du Plessis sien hierdie as 'n periode van voorbereiding vir die latere gewapende stryd.[64] In die lig van die swak vordering wat daar met die onderhandelings gemaak was, het die Boere op 'n volksvergadering te Wonderfontein op 10 Januarie 1879 besluit om hulle vryheid en Republiek in ere te herstel en dat die Volksraad so spoedig moontlik byeengeroep moes word.[65]

'n Tweede volksvergadering is op 15 Desember 1879 te Wonderfontein gehou. Die derde volksvergadering was belê vir 6 April 1880 te Paardekraal, maar as

---

62 F.J. Potgieter, *Die vestiging van die Blanke in Transvaal, 1837-1886, met spesiale verwysing na die verhouding tussen die mens en omgewing* (ongep. D.Phil-proefskrif, PU vir CHO, 1955), p.268.

63 Raadpleeg vir meer besonderhede oor die anneksasie: D.H. Heydenrych, "Die Boererepublieke, 1852-1881", T. Cameron & S.B. Spies, *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*, pp.157-160; J.S. du Plessis, "Die Suid-Afrikaanse Republiek", C.J.F. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar...*, pp.223-262; I.D. Bosman, "Oorheersing en vrywording, 1877-1844"; A.J.H. van der Walt, e.a. (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika ...*, pp.300-323.

64 J.S. du Plessis, "Die Suid-Afrikaanse Republiek"..., pp.237-240.

65 F.A. van Jaarsveld (red.), *Honderd basiese dokumente by die studie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis, 1648-1961*, Eerste uitgawe, tweede druk, pp.125, 126.

gevolg van politieke verwikkelinge in die Kaapse parlement wat 'n invloed op die uitkoms van die anneksasie kon hê, is hierdie vergadering uitgestel na Januarie 1881. Gebeure op Potchefstroom, die beslaglegging van ene Bezuidenhout se wa deur landdros Goetz en die gewapende optrede van generaal Cronje daarteen, het bygedra tot die vervroeging van die Paardekraalbyeenkoms na Desember 1880.[66]

Tussen 3000 en 4000 gewapende burgers was teen 8 Desember 1880 reeds op Paardekraal saamgetrek vir die vergadering. Volgens oorlewering het die beskikbaarheid van perde vir die burgers om op kommando te gaan, 'n belangrike rol gespeel in die keuse van Paardekraal as plek vir die byeenkoms.[67] Die getalle van die burgers het teen 10 Desember 1880 aangegroei tot tussen 8000 en 10 000 man. Gemoedere het hoog geloop. Die burgers het aangedring op die uitvoering van die Wonderfonteinbesluit die vorige jaar. Die Volksraad, wat in 1877 laas vergader het, het besluit om die anneksasie eensydig te herroep, die "regering" te herstel met Heidelberg as tydelike setel en die bestuur van die land in die hande van 'n driemanskap, S.J.P. Kruger, M.W. Pretorius en P.J. Joubert te laat.[68] Die duisende aanwesiges het hierdie besluit heelhardig gesteun en beseël met 'n plegtige belofte aan mekaar om die eer en vryheid van hulle land te herstel. Hierdie belofte was bekragtig met 'n simboliese klipstapeling[69] (foto no.1).

Die gebeure by Paardekraal het uitgeloop op die Transvaalse Oorlog en die burgers se oorwinning oor die Britse magte by Amajuba op 27 Februarie 1881. Die onafhanklikheid van die Z.A.R. onder Britse soesereiniteit was herstel tydens die Pretoria-konvensie (3 Augustus 1881). Na verdere onderhandelinge en die Londen-konvensie van 27 Februarie 1884, is die Britse soesereiniteit opgehef en die naam van die *Zuid-Afrikaansche Republiek* in ere herstel. Brittanje het die soewereine onafhanklikheid van die Z.A.R. erken, asook sy reg om binne sy grense sy eie wette en reëls op te lê en toe te pas.[70]

---

66 J.S. du Plessis, "Die Suid-Afrikaanse Republiek"..., p.240.

67 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer K72, *Krugersdorp stigting*, sd.

68 F.A. van Jaarsveld, *Honderd basiese dokumente...*, pp.126,127. Kyk ook J.S. du Plessis, "Die Suid-Afrikaanse Republiek"..., p.240.

69 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer P1, *Paardekraalmonument*, sd.

70 J.S. du Plessis, "Die Suid-Afrikaanse Republiek"..., p.242.

'n Jaar na die eerste Paardekraal-volksvergadering het die burgers weer by Paardekraal byeengekom, dié keer om fees te vier. Die Volksraad het reeds in Oktober 1881 besluit om 'n godsdienstige volksfees op 16 Desember te hou as verootmoediging vir die oorwinning oor die vyand. Die feesverrigtinge het op 13 Desember 1881 'n aanvang geneem en 'n hoogtepunt bereik op 16 Desember. By hierdie geleentheid het Paul Kruger as hoofspreker opgetree, terwyl daar 'n verdere opeenhoping van klippe op die stapeling van 1880 was.[71]

Die Volksraad het daarna in 1883 besluit dat 'n "amptelike volksfees" elke vyf jaar by Paardekraal sou plaasvind.[72] Die eerste vyfjaarlikse fees het in 1886 plaasgevind. Tydens hierdie geleentheid is daar besluit om 'n monument oor die klipstapeling op te rig. Die monument is ontwerp deur Zytske Wierda, staatsargitek en een van president Paul Kruger se sogenaamde "ingevoerde Hollanders".[73] Die Paardekraalmonument is in 1891 feestelik in gebruik geneem (foto no. 2). President Paul Kruger was weereens die hoofspreker by dié geleentheid.

In die volksgeskiedenis, veral in die geskiedenis van die Afrikaner, word die Paardekraalgebeure uitgesonder "as die heel beslissendste moment in die geskiedenis van ons volk tot vandag toe. Hier eindig die Trek. Die hoofstuk van padgee-vir-die-Engelse, soos destyds uit die Kaapkolonie en later uit Natal, is verby.... 'n Volk wat bly grond verwerf met bloed en trane om dit dan aan sterkeres af te staan, is om 'n volk van slawe te wees.... Die nuwe hoofstuk wat hier begin, sou die opskrif dra: *Die weiering om wat duur gekoop is, weer prys te gee*".[74]

---

71 M.A. Schutte, *Die geskiedenis van Krugersdorp...*, p.5; J.S. du Plessis, *President Kruger aan die woord: Verkiesingsmanifeste, intreeredes en toesprake van President Paul Kruger*, pp.87,88.

72 Biblioteek, Krugersdorp, - Africanaversameling, inligtingslêer P1, Afskrif van Volksraadnotule, art. 900/901, 24 Jul. 1883.

73 Behalwe die Paardekraalmonument, is die Ou Landdrosgebou in Krugersdorp ook deur Wierda ontwerp. Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer M24, *Museum*, sd.

74 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer P1, C.L. van den Berg, "Na 100 jaar": Voorwoord in *Gedenkprogram, Paardekraal-Heidelberggebeure, 1880-1980*, 16 Des. 1980. Die rol en kulturele betekenis van die Paardekraalfeeste in die geskiedenis van Krugersdorp, word bespreek in die afdeling "Volksfeeste", hoofstuk sewe.

Die gebeure van Paardekraal in Desember 1880 is 'n onafskeidbare deel van die geskiedenis van Krugersdorp. Die periodieke feesvierings en die klipstapeling was reeds gevestigde instellings toe daar in 1887 besluit is om 'n dorp op die plaas aan te lê. Pretorius het in 1886 'n gedeelte van sy plaas, sowat 100 meter rondom die klipstapeling, aan die Regering geskenk om die klipstapeling en monument te beskerm teen die delwers wat op die plaas prospekteer. Die skenking het gepaard gegaan met watergebruik en weidingsreg aan die feesgangers. Hieruit kan die aanname gemaak word dat die Paardekraalgebeure[75] en die daaropvolgende volksfeeste 'n direkte invloed gehad het op die stigting van die dorp en die ligging daarvan in die omgewing van die monument.

### 2.3.3 DIE ONTDEKKING VAN GOUD

Dit is nie seker wie die eerste goud aan die Witwatersrand ontgin het nie. Reeds sedert die grootwildjagter Karel Kruger in 1834 van ryk goudneerslae aan "de Witte Rantjes" berig het, het prospekteerders in die gebied na goud gesoek.[76] Dit word algemeen aanvaar dat Pieter Jacob Marais verantwoordelik was vir die eerste groot goudvondse aan die Witwatersrand. Hy het volgens Gray[77] vroeg in 1854 goud aan die Jukskeirivier noord van die plaas Paardekraal, ontdek. Die beleid van die ZAR-regering om alle goudvondse stil te hou, het daartoe bygedra dat hierdie ontdekking nie opgevolg is nie.[78]

Die soektog na goud in die ZAR het hierna in alle erns begin. Die ZAR-regering het verskeie wette gepasseer om die belange van die regering, eienaars, myners en prospekteerders te beskerm. Alle mineraalregte het ooreenkomstig Wet 1 van 1871 aan die Regering behoort. Die bepalings van

75 M.A. Schutte, *Die geskiedenis van Krugersdorp...*, p.16.

76 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, J. Boekooi, "Gold find came before the Great Trek", *The Star*, 13 Feb. 1979; G.S. Preller, *Ons goud-roman: Die Marais-dagboek, 1849-1865*, p.14.

77 J. Gray, *Payable gold: An intimate record of the history of the discovery of payable gold on the Witwatersrand Goldfields of Johannesburg in 1886 and 1887*, p.17; G.S. Preller, *Ons goud-roman...*, p.25; D.J. Pieterse, "Die geskiedenis van die mynindustrie...", pp.80,81.

78 G.S. Preller, *Ons goud-roman...*, p.22; J. Gray, *Payable gold...*, pp.22,23. Gray maak die afleiding dat John Henry Davis voor Marais die goud ontdek het, maar in opdrag van President M.W. Pretorius geswyg het oor die goudvondse omdat die ZAR nie gereed was om 'n moontlike toeloop van delwers na die gebied te hanteer nie. Pieterse is van mening dat die ZAR-regering Marais die "dood voor die oë" gesweer het as hy die ontdekking van die goud bekend maak. D.J. Pieterse, "Die geskiedenis van die mynindustrie...", p.129.

die Wet is streng toegepas en in 1874 uitgebrei met die proklamasie dat die eienaar van 'n plaas waarop goud ontdek word, geregtig sou wees op 'n mynpag en vier kleims, nadat die prospekteerder of ontdekker van die goud, sy kleim afgepen het. Eers hierna kon 'n plaas tot 'n openbare delwery verklaar word. Die regering het die beheer en bestuur van die goudveld oorgeneem en aan die eienaar van die grond die helfte van die inkomste aan stand- en kleimlisensies afgestaan. Die vergoeding aan die eienaar is telkens in 'n spesiale proklamasie afgekondig.[79]

Intussen het 'n sekere Harry Lewis, 'n Australiese delwer, in 1874 goud op die plaas Blaauwbank van James Jenners[80], noordwes van Paardekraal, ontdek. Lewis se vonds het gelei tot die verklaring van die plaas Blaauwbank tot openbare delwery. Die ontdekking van goud op Blaauwbank het belowend gelyk, maar die hoë verwagtinge van 'n goudvonds was gou verydel omdat die neerslag nie winsgewend was nie. Die betekenis van die goudontdekking by Blaauwbank is volgens Pieterse[81] geleë in die betekenisvolle ontdekkings wat Henry Lewis op die aangrensende plase, Zuikerboschfontein en Koesterfontein gemaak het. Die broers James en Jeremiah Jennings, eienaars van die plase Zuikerboschfontein en Koesterfontein, het elk sewe kleims vir die ontginning van goud in die kwartsietlae bewerk

Die aanwesigheid van goud aan die Witwatersrand kon na die oopstelling van Blaauwbank nie langer verberg word nie. Goudsoekers het na die Witwatersrand gestroom.[82] Selfs "Vaal Martiens" het op sy plaas Paardekraal met die hulp van Davis goud ontdek. In sy eis om skadevergoeding na die 1881 volksvergadering op sy plaas, het hy die goudvonds bekend gemaak en ook 'n monster aan die Regering gestuur vir ontleding.[83]

---

79 TAB, Pretoria, ZAR, band 25, Vol.1 & 2, *De Locale Wetten der Zuid-Africkaansche Republiek, 1849-1885*, pp.423-426, 465-468, 591-593 & 622-632. Kyk ook J. Gray, Payable gold..., pp.25-36.

80 Kyk voetnoot 49 vir verwysing na die Jenners (Jennings)-familie.

81 D.J. Pieterse, "Die geskiedenis van die mynindustrie...", pp.143,145.

82 G.S. Preller, *Ons goud-roman...*, p.93; G. Gray, *Payable gold...*, p.17; P.J. Pieterse, "Die geskiedenis van die mynindustrie...", p.143. Kyk ook Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr S14, M Sanders, *Glimpses of the past.*

83 TAB, Pretoria, ZAR, band 26, J.G. Kotze, *Locale Wetten en Volkraadbesluiten der Zuid-Afrikaansche Republiek 1886-1887*, pp.66-70.

Intussen het Stephanus Minnaar op die plaas Kromdraai, ongeveer tien kilometer noordwes van die huidige Krugersdorp, vir goud geprospekteer. Jan Bantjes het ook op Kromdraai gesprospekteer. Die ontdekking van goud op Kromdraai het tot die tweede mynaktiwiteit op die Wesrand aanleiding gegee. Nieteenstaande verslae aan die Regering dat die grondeienaar die beste gouddraende grond onder mynpag vir homself uitgehou het, is die oorblywende gedeelte van die plaas op 9 Desember 1885 tot 'n openbare delwery verklaar.[84] Baie min delwers het hulle op Kromdraai gevestig, want teen die tyd dat die dispuut oor die mynpagreg opgeklaar is, was nege ander plase in die omgewing reeds tot openbare delwerye geproklameer. Die proklamering van Kromdraai as 'n openbare delwery is eers op 1 Desember 1887 deur die Uitvoerende Komitee goedgekeur.[85]

Alhoewel die mynbouaktiwiteite op Kromdraai nie besondere hoogtepunte opgelewer het nie, lê die betekenis van Kromdraai in die geologiese rotsformasies waarin die gouddraende erts voorgekom het. Tot datum was al die goudvondse aan die Witwatersrand in kwartsietlae aan die noordelike hange van die Rand. Die goudneerslag op Kromdraai het in sowel kwartsiet as in konglomeraat[86] voorgekom. Met hierdie kennis gewapen, het prospekteerders nou ook begin om in die konglomeraat na goud te soek. Terwyl die goud aan die noordelike hange van die Witwatersrand meestal klontsgewys as "pockets" in die kwartsietlae voorgekom het, het die goudneerslag aan die suidelike hange in horisontale riwwe, sommige slegs enkele sentimeters diep, voorgekom.[87]

Ongeveer dieselfde tyd wat Minnaar op Kromdraai geprospekteer het, het die Strubenbroers, Hendrik en Frederik, op die plaas Paardekraal naby die klipstapeling geprospekteer. Fred Struben het die banketlaag op Paardekraal

84 J. Gray, *Payable gold...*, p.65.

85 TAB, Pretoria, ZAR, band 24, *Executive Council resolutions 1886-1899*, Besluit Uitvoerende Komitee, Art. 507, 1 Des. 1887.

86 Die term konglomeraat verwys na die sameklonting van verskillende gruisstukke, gewoonlik deur water verweer en gevorm in 'n silika basis. Konglomeraat staan ook bekend as "banket", "pudding stone" of "cement rock". J. Gray, *Payable gold...*, p.113; P.J. Pieterse, "Die geskiedenis van die mynindustrie...", p.143.

87 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer W6, *West Rand Consolidated Mines*, sd.

ontdek.[88] Hy was daarna so in sy skik met die ontdekking dat hy voorspel het dat die gouddraende banket 'n heenkome aan duisende mynwerkers sou verskaf.[89]

Die aanwesigheid van goudriwwe het duisende delwers uit alle oorde na die Witwatersrand gelok. Aan die Wesrand was goud reeds op die plase Paardekraal, Vogelstruisfontein, Luipaardsvlei, Witpoortjie, Klipplaat, Heuningklip en Wilgespruit ontdek. Die ontdekking van goud in die Krugersdorp-omgewing voor 1887 word op Kaart no. 4 aangedui. Jan van Wyk het reeds in Maart 1886 die ZAR-regering versoek om die plase tot openbare delwerye te verklaar. Ook "Vaal Martiens" Pretorius het 'n versoek tot die regering gerig om Paardekraal tot 'n openbare delwery te verklaar. Die Regering het in 1887 aan hierdie versoek voldoen.[90]

Die aangrensende plaas, Luipaardsvlei, is in dieselfde jaar ook as 'n openbare delwery verklaar, gevolg deur die proklamering van ander delwerye in die omgewing. Hierdie delwerye het onder die jurisdiksie van die Mynkommissaris van die Witwatersrand geval. Met die ontstaan en uitbreiding van die Krugersdorpse goudvelde is die delwerye in 1888 onder die jurisdiksie van 'n plaaslike mynkommissaris, Robert Gerrit Ockerse, geplaas.[91] Die Krugersdorpgoudvelde word op Kaart no. 4 aangedui.

Vir die administrasie van die goudvelde is 'n mynkommissaris, bygestaan deur een of twee klerke, aangestel. Die mynkommissaris het oor sowat vyftig myne en delwerye toesig gehou. Volgens Wet 8 van 1889 het die mynkommissaris mag besit om alle sake rakende die delwerye te beheer en te bestuur. Hy moes

---

88 Fred Struben se eerste groot ontdekking was in die banket, 'n meter diep rif, op die plaas Heuningklip, naby Krugersdorp. Sy grootste ontdekking is waarskynlik dié van die "Confidence Reef" op die plaas Wilgespruit noord van Krugersdorp. G.S. Preller, *Ons goud-roman…*, p.102; M.A. Schutte, *Die geskiedenis van Krugersdorp…*, p.8.

89 M.A. Schutte, *Die geskiedenis van Krugersdorp…*, p.9.

90 TAB, Pretoria, ZAR, band 24, *Executive Council Resolutions 1885-1899*, Besluit Uitvoerdende Komitee, 26 April 1887, Art. 149, 207, 294, 327; B Burger, *Geskiedenis van Krugersdorp 1887-1947*, (ongep. manuskrip, Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling), p 5. Kyk ook Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer K62, Afskrif van proklamasie R4131/87, *Staatscourant*, 24 Augustus 1887, p.495.

91 TAB, Pretoria, ZAR, band 24, *Executive Council resolutions 1886-1899*, Besluit Uitvoerende Komitee, 26 Apr. 1887, Art. 327; Besluit, Uitvoerende Komitee, 5 Jun 1888, Art. 305.

hom beywer vir die welvaart en bloei van die delwerye en was verantwoordelik vir die uitreiking en beheer van lisensies en die invordering van lisensiegelde. Die gesagsbasis van die mynkommissaris was nie beperk tot 'n spesifieke dorp of distrik nie, maar uitgebrei oor die spesifieke goudveld waarvan delwerye onder sy beheer geplaas is.[92]

'n Spesiale Landdros met kriminele en siviele gesag was vir elke geproklameerde goudveld aangestel. Net soos in die geval van die mynkommissaris, kon die Spesiale Landdros nie buite die geproklameerde gebiede geregtelike gesag uitoefen nie. J.C. Human was die eerste Spesiale Landdros vir Krugersdorp.[93]

Die instroming van mense na die delwerye het die behoefte aan 'n dorp in die omgewing laat ontstaan. "Vaal Martiens" Pretorius se versoek dat sy plaas Paardekraal tot openbare delwery verklaar moes word, het gepaard gegaan met 'n aanbod dat die Regering 428 hektaar. van die plaas koop vir die vestiging van 'n dorp. Op hierdie wyse het die teenwoordigheid van goud op die plaas Paardekraal direk bygedra tot die stigting van Krugersdorp, wat op Pretorius se versoek na Paul Kruger vernoem is. Pretorius word as die "vader" van Krugersdorp beskou.[94]

### 2.3.4 DORPSTIGTING EN VROEË ONTWIKKELING

Die ZAR-regering het op 26 April 1887 die 492 hektaar grond van Pretorius teen £3000 (drieduisend pond) aangekoop om "aldaar een dorp te stichten onder den naam Krugersdorp zoo als verzocht door den verkoper".[95] Die grond is daarna volgens 'n ruitpatroon in 576 standplase opgemeet. Schutte[96] wys daarop dat onsekerheid bestaan oor wie vir die opmeting van die grond verantwoordelik was omdat bronne na beide A. Pritchard en F.H. Rissik

---

92 M.A. Schutte, *Die geskiedenis van Krugersdorp...*, p.12.

93 TAB, Pretoria, ZAR, band 26, J.G. Kotze, *Locale Wetten en Volksraadbesluiten der Zuid-Afrikaansche Republiek 1886-1887*, Art. 24, Wet 8 van 1885, p.67. Kyk ook M.A. Schutte, *Die geskiedenis van Krugersdorp...*, p.13.

94 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer K57, *Krugersdorp: Oorsprong van naam*, sd.

95 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer K24, Afskrif van Volksraadbesluit, art. 149, 26 Apr. 1887; inligtingslêer K32, Afskrif van Transportakte No. 1681/1887.

96 M.A. Schutte, *Die geskiedenis van Krugersdorp...*, p.19.

verwys. Volgens hom is Rissik die waarskynlikste van die twee, omdat laasgenoemde verantwoordelik was vir die verdere opmeting van standplase.[97]

Die eerste 200 standplase is op 'n publieke veiling op 31 Oktober 1887 "verkoop" onder die 99 jaar huurpagstelsel. Die "publieke verpachting van het voorkeurrecht standplaatsen" het beteken dat die koper vir 99 jaar besitreg van 'n standplaas verkry het op voorwaarde dat hy nie agterstallig raak in die betaal van sy standlisensiegelde nie. Die standlisensiegeld het gewissel tussen tien en vyftien sjielings per maand.[98]

Teen die einde van 1887 het Krugersdorp bestaan uit enkele huise en 'n paar tente (foto no. 3) in die omgewing van die klipstapeling. Een van die eerste inwoners, naas M.P.W. Pretorius en sy vrou, was die Jood Abner Cohen. Hy het hom kort ná die Regering se besluit om 'n dorp op Paardekraal aan te lê, aan die voet van die klipstapeling gevestig, waar hy 'n hostelry en algemene handelsaak bedryf het. 'n Jood op die "gewyde grond" van die klipstapeling was ondenkbaar en Cohen is versoek om die area te verlaat. Na onderhandelinge met die regering het hy daar aangebly totdat 'n standplaas in die dorp aan hom toegeken kon word. Cohen het 'n standplaas ontvang in die blok wat die mynkommissaris as "regeringsblok" in die middel van die dorp, teenoor die markplein, uitgehou het.[99]

Na die tweede veiling van standplase in November 1887, het die dorp gevestig geraak. Volgens Burger[100] was daar teen 1888 tussen twintig en dertig huise op die dorp, met groot stukke oop veld tussenin. Die bestuur van die pasgestigde dorp het in die hande van die mynkommissaris en spesiale landdros gesetel. Ockerse het dadelik 'n tent opgeslaan op die regeringstandplase as kantoor vir die mynkommissaris. Die tent is later deur 'n sinkgebou vervang.[101]

---

97 Verwys in hierdie verband na Kaart SG 1259/97, Krugersdorp Stadsraad.

98 M.A. Schutte, *Die geskiedenis van Krugersdorp...*, p.20. Kyk ook Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer K72, *Krugersdorp: Stigting*, sd..

99 M.A. Schutte, *Die geskiedenis van Krugersdorp...*, pp.20,21. Kyk ook Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer K72, *Krugersdorp: Stigting*, sd.

100 B. Burger, *Geskiedenis van Krugersdorp 1887-1947*, p.7.

101 M.A. Schutte, *Die geskiedenis van Krugersdorp...*, pp.20,21.

Twee verdere veilings van standplase het plaasgevind in 1890 en in 1894, wat die herverkoop van standplase met agterstallige lisensiegeld ingesluit het. Die vraag na standplase het in 1896 sodanig toegeneem dat die regering verplig was om 'n bykomende aantal standplase te laat opmeet en in Augustus te laat opveil.[102]

As standplaasdorp het die regering 'n gereelde inkomste in die vorm van lisensiegeld uit Krugersdorp ontvang. Die dorp het slegs die omliggende goudvelde bedien. Die inwoners van die omliggende plase het vir administratiewe, militêre en regsdoeleindes in die distrikte Pretoria, Potchefstroom, Rustenburg en Heidelberg geval.[103] 'n Distrikslanddros, bygestaan deur vrederegters en ander amptenare, was in beheer van die distrikte. Die behoefte aan 'n selfstandige landdrosdistrik vir Krugersdorp het toegeneem namate die standplaasdorp uitgebrei het en meer "burgerlikes" soos handelaars en professionele persone hulle in die dorp kom vestig het. Die proklamering van die Krugersdorp landdrosdistrik[104] in 1894 met 'n afsonderlike "distriksdorp" as setelplaas, is 'n baie belangrike gebeurtenis in die ontwikkeling van Krugersdorp. Nie alleen het dit gelei tot die uitbreiding van die dorp nie, maar daar is vir die eerste keer oorgegaan tot die private besit van vaste eiendom in Krugersdorp. Die "distriksdorp" is in 1897 noordwes van die klipstapeling (monument) aangelê en opgemeet in 309 burgerregerwe van ongeveer 400 vierkante Kaapse roede (ongeveer 39.65424$m^2$)[105] elk, in blokke van ses erwe elk. Die nuwe "distriksdorp" is deur 'n spruit van die bestaande standplaasdorp geskei.[106]

Voortvloeiend uit die totstandkoming van die "distriksdorp", is die vestiging van afsonderlike regeringskantore in Krugersdorp om die amptenare van die

---

102 M.A. Schutte, *Die geskiedenis van Krugersdorp...*, pp.21, 23.

103 Die regering het die ongeproklameerde plase en goudvelde as afsonderlike eenhede beskou. 'n Afsonderlike landdrosdistrik met 'n eie setel moes vir die plase geskep word. Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer K13, *Krugersdorp, vroeë geskiedenis*, sd.

104 Vir besonderhede oor die stigting van die Krugersdorp landdrosdistrik, raadpleeg M.A. Schutte, *Die geskiedenis van Krugersdorp...*, pp.24-32; Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer K24, *Krugersdorp, Akte van Transport*, sd.

105 *Keartland's Metrieke omsettingstabelle*, Een Kaapse voet is gelyk aan 0.079135 vierkante meter, tabel 15.

106 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/119, korrespondensielêer G9, *Konsep dorpbeplanningskema*, Maart 1939.

nuwe dorp te huisves. Dit het geïmpliseer dat die dorp oor die dienste van twee landdroste, J.C. Human as Spesiale Landdros vir die delwerye en H. Hugo as Distrikslanddros, beskik het. Dit het ook meegebring dat twee Gesondheidskomitees, een vir elke dorp, verantwoordelik was vir die higiëne en algemene welsyn van die dorpe en die inwoners. Krugersdorp is eers ná die Suid-Afrikaanse Oorlog, met die totstandkoming van die munisipaliteit, tot 'n eenheid saamgesnoer.

Die oorspronklike dorpsuitleg van sowel die standplaasdorp as die distriksdorp het geen voorsiening gemaak vir die vestiging van Swartmense in Krugersdorp nie. Wetgewing het ook geen duidelike riglyne gegee oor Swartmense se toegang tot Blanke woongebiede nie. Diegene wat hulle wel in die dorp bevind het, was daar as inwonende huisbediendes. Die meerderheid Swartmense was mans wat op die delwerye in die myne gewerk het, en waar hulle in kamponge gehuisves is. Baie van hulle moes vir hulle self sorg sodat 'n Swartnedersetting geleidelik op die suid-westelike periferie van die Blanke dorp ontwikkel het. Die vestigingspatroon hiervan was baie onordelik. Streng gesproke was die inwoners van die nedersetting plakkers. Die regering van die dag en die gesondheidskomitee het weinig aandag gegee aan die vestiging van die Swartmense. Die nedersetting is eers in 1905 as 'n "lokasie" geproklameer.[107]

Die eerste Indiërs het hulle in ongeveer 1897 permanent in Krugersdorp kom vestig. Die dorpsuitleg het geen voorsiening gemaak vir 'n afsonderlike woongebied vir die Indiërs nie en die Blankes het hulle nie in die Blanke woongebiede toegelaat nie. Die ontwikkeling van 'n Indiërwoongebied tussen die Swartnedersetting en Burgershoop, is sprekend van die Indiër se denkwyse om sy besigheid naby sy klandisie te vestig. As sakemanne kon die Indiërs nie kompeteer met die Blanke nie, daarom dat hulle op die Armblanke en die Swartmense as klandisie gefokus het. Die regering het reeds in 1896 besluit om Burgershoop steenmakerye te ontwikkel as 'n heenkome vir "arme boeren".[108] Daar was dus 'n aansienlike konsentrasie armblankes in Burgershoop

---

107 Raadpleeg vir verdere besonderhede oor die Swartwoongebied, die afdeling oor Residensiële ontwikkeling in hoofstuk vier.

108 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October, 1908*, p.24.

gevestig. Die vestigingswyse van die Indiërs was meer gekoördineerd, miskien omdat hulle getalle heelwat kleiner was, maar hulle algemene woonomstandighede was haglik. Die Indiërwoongebied was nie veel meer as 'n krotbuurt nie. Ten spyte hiervan was die Moslemgemeenskap toegelaat om 'n moskee in Burgershoop op te rig.[109]

## 2.4. DIE JAMESONINVAL

Die Jamesoninval van 1895/96 in die ZAR was die gevolg van 'n sameswering tussen lede van die goudmynmagnate aan die Rand, die sogenaamde Reform Committee, teen die regering van die dag.

Goud het ongekende voorspoed vir die Republiek gebring, maar ook 'n vloedgolf uitlanders wat op die lange duur ontevrede was met die wyse waarop die regering hulle belange hanteer en beskerm het. In die lig van hierdie groeiende ontevredenheid het Cecil John Rhodes, een van die goudmagnate, 'n geleentheid gesien om sy ideaal tot Ryksuitbouing te verwesenlik.[110] Saam met sy vriend, dr. Leander Starr Jameson, en die Reform Committee het hulle saamgesweer om onrus in Johannesburg tot so 'n vlak op te sweep dat 'n inval van dr. Jameson, op uitnodiging van die Reform Committee, en die omverwerping van die Regering as 'n daad van menslikheid en redding beskou sou word.[111]

Verskeie faktore het daartoe bygedra dat die Reform Committee nie die steun geniet het waarop hulle staatgemaak het nie en die dag toe Jameson die Republiek inval, kon hulle nie die beloofde ondersteuningsmag op die been bring nie. Alle pogings van hulle kant om die inval af te las, het misluk, deels as gevolg van verwarrende beriggewing en die voortvarende optrede van Jameson wat tot op die laaste, opdragte om nie die Republiek in te val nie, geïgnoreer het.[112]

---

109 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr I1, *Indiërgemeenskap*, sd.

110 J.S. du Plessis, "Die Suid-Afrikaanse Republiek"..., p.256. Kyk ook TAB, Pretoria, ZAR, band 92, pamflet, W Harcourt, *Een banier drager der geregtigheid*.

111 TAB, Pretoria, ZAR, band 92, Vol.2, Telegram Nr.61, pp.44-46. Vir volledige besonderhede oor die Jamesoninval, raadpleeg: H.M. Hole, *The Jameson Raid*; Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr J1, *Jameson Raid*, sd.

112 TAB, Pretoria, ZAR, band 92, Telegram Nr.24, p.8; Telegram Nr.37, p.12.

Die invalsmag het op die Betchuanaland (Botswana) grens by Pitsani saamgetrek en die nag van 29 Desember 1895 die Zuid-Afrikaansche Republiek ingeval.[113] Die opmars na Johannesburg het aanvanklik sonder teenslag vinnig gevorder tot in die omgewing van Krugersdorp. Hier het die Boerekommando's vir die eerste keer teenstand gebied, omdat die dorp oënskynlik deur die invalsmag bedreig was, alhoewel Jameson by herhaling gesê het dat hy nie die land betree met vyandelike bedoelings nie, maar omdat hy reageer op 'n uitnodiging van vooraanstaande inwonders aan die Rand om hulle te help om geregtigheid te laat geskied.[114] Desnieteenstaande het hy 'n berig aan Krugersdorp gestuur dat hy die dorp sal bombardeer indien die boerekommando's poog om die inval te stuit.[115]

Die invalsroete het vir die grootste deel oor 'n ylbewoonde, gelyk gebied gestrek. Die onbewoonde oop vlaktes van die Wes-Transvaal het aanval en verdediging bemoeilik. Die heuwelagtige omgewing naby Krugersdorp het hom beter geleen tot 'n offensief teen die invalsmag. Dit was waarskynlik 'n belangrike oorweging waarom die Boerekommando's vir die eerste keer by die Queens Battery Gold Mine wes van Krugersdorp met die invalsmag slaags geraak het,[116] soos op foto no.4 waargeneem kan word.

Na die nederlaag by die Queens Battery het die invalsmag suidwaarts in die rigting van Randfontein teruggeval, waar hulle in die nag oor die spoorlyn is in die hoop om die volgende dag aansluiting te vind by die Potchefstroom-Johannesburg Koetsroete. Jameson het egter gou uitgevind dat die roete van sy mag deur die Boere gedikteer word. Al vegtende het hulle hom in 'n posisie ingedwing waaruit hy nie kon kom nie. Jameson was uiteindelik verplig om op 2 Januarie 1896 op die plaas Vlakfontein aan Generaal Cronje oor te gee.[117] Die roete van Jameson om Krugersdorp word op Kaart no.5 aangedui.

113 TAB, Pretoria, ZAR, band 92, Telegram Nr.2, p.1; Telegram Nr.19, p.6.

114 TAB, Pretoria, ZAR, band 92, Brief Nr.37,38, pp.12,13. Kyk ook H.M. Hole, *The Jameson Raid*, pp.166,167.

115 H.M. Hole, *The Jameson Raid*, p.180.

116 TAB, Pretoria, ZAR, band 92, Telegram Nr. 29-34, pp.10,11.

117 TAB, Pretoria, ZAR, band 92, Telegram Nr. 46-48, p.15.

Die Boere het 'n verslae invalsmag gevange geneem. Vandat hulle op 29 Desember 1895 die grens oorgesteek het, tot met hulle oorgawe, was die invalsmag se opmars oorskadu deur Boere wat hulle aan alle flanke dopgehou het. Tog het hulle bly glo dat hulle toegelaat sou word om Johannesburg te bereik, omdat hulle nie aangeval was nie. Die hoop dat 'n ondersteuningsmag volgens belofte by Krugersdorp by hulle sou aansluit, het hoog gebrand tot met die eerste skermutseling by die Queens Battery. Nogtans het die invalsmag volhard in hulle pogings om Krugersdorp te bereik. Jameson se hardkoppige voortvarendheid en sy geloof in die beloftes van sy vriende, die Reform Committee, was volgens Hole[118] te blameer vir sy volgehoue pogings om Krugersdorp te bereik. Hy het selfs die aanbevelings van sy offisiere om, na die skermutseling by die Queens Battery, direk na Johannesburg te gaan, verontagsaam.

Nadat die invalsmag op Vlakfontein gevange geneem is, is hulle na Krugersdorp geneem waar hulle met "rough consideration" op die Markplein van voedsel voorsien is.[119] Volgens oorlewering was Jameson self in die selle van die landdroshof aangehou, maar geen stawing kon hiervoor gevind word nie. Dit is onwaarskynlik dat hy in die hofselle aangehou was. Dit is waarskynliker dat hy saam met sy offisiere en troepe op die markplein aangehou was terwyl generaal Cronje 'n telegram na Pretoria gestuur het rakende die oorgawe van die invalsmag. 'n Groep burgers uit Waterberg het laat vir die skermutselings en aksie opgedaag. Hierdie manne wou met alle geweld die invallers voor die loop van hulle gewere kry, toe Cronje inderhaas besluit het om die invalsmag onmiddellik na Pretoria te stuur. Die offisiere het hy per muilwa vervoer, terwyl die troepe onder sterk begeleiding die afstand moes afmarsjeer. Teen die aand was die hele invalsmag, met die uitsondering van enkele gewondes, in die tronk in Pretoria opgesluit.

Die gewonde en dooie soldate moes deur 'n kaptein Garraway en tien soldate onder bewaking van 'n aantal Boere op Vlakfontein versorg word. Volgens

---

118 H.M. Hole, *The Jameson Raid*, p.174; T.V. Bulpin, *Lost trails of the Transvaal*, p.353; Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr J1, H. Zeederberg, "The Jameson Raid changed S.A. history", *The Star*, 10 Dec. 1965.

119 TAB, Pretoria, ZAR, band 92, Telegram Nr.49, p.16.

Garraway kon hulle eers teen laat die middag die dooies begrawe. Die gewonde soldate was met perdekarre na Krugersdorp geneem, waar hulle deur dr. A.G. Viljoen, die distriksgeneesheer, in 'n tydelike hospitaal, ingerig in die winkel van Harvey Greenacre & Co., deur vyf dokters verpleeg is.[120] Garraway berig verder, soos aangehaal deur Hole[121] "...It was dark when I got back to the farmhouse ... The men were put on a wagon and I on a horse, and we started off quitely ... After a long ride we arrived at Krugersdorp at 1 a.m., and I was left at the temporary hospital while the men were taken down to the courthouse...". Volgens hierdie inligting blyk dit dus duidelik dat Jameson self nie in die hofselle aangehou was nie, soos volgens oorlewering beweer word, maar dat minstens nege van sy troepe wel een nag daarin deurgebring het voordat ook hulle na Pretoria oorgeplaas is.

Die Jamesoninval en die gevegte rondom Krugersdorp is deurspek met legendes. In die mondelinge oorleweringe word waarheid en verdigsel ineengeweef. Een van hierdie oorleweringe berig van groot verwarring wat in Krugersdorp self geheers het. Al die vroue en kinders was aangesê om in die hofsaal bymekaar te kom vir beskerming. Die aanvanklike gerugte het gelui dat 'n groot mag Swartmense op die dorp afmarsjeer. Die hofsaal was stampvol beangste mense. Baie het die beskerming van die saal verlaat en teruggekeer na hulle huise as gevolg van die ondraaglike hitte.[122]

Teenstrydige gerugte oor die inval het gelei tot die besonder dapper optrede van Luitenant Sarel Eloff, die plaaslike polisiehoof en kleinseun van President Paul Kruger. Eloff het met tien van sy manne 'n verkenningstog onderneem om meer kennis oor die bewegings van die invalsmag te bekom. By Boon se winkel op die plaas Rietfontein het hulle die invalsmag opgespoor. Eloff het alleen verder gegaan met die doel om persoonlik vir Jameson oor die inval te ondervra. Hy is dadelik gearresteer en na vele versoeke toegelaat om met

---

120 C.N.J. du Plessis, *Uit die geskiedenis van de Zuid-Afrikaansche Republiek en van de Afrikaanders*, pp.168-170. Kyk ook TAB, Pretoria, ZAR, band 92, Telegram Nr.50, p.46.

121 H.M. Hole, *The Jameson Raid*, p.191.

122 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer K20, "A woman pioneer's early recollections: Mrs. Honora Wiltshire's impressions of Krugersdorp", *The Standard and West Rand Review*, 17 Sept. 1937.

Jameson te praat. Jameson het aan Eloff gesê dat hy nie die land betree het met vyandige bedoelings nie, maar dat hy slegs gereageer het op 'n versoek van sekere vooraanstaande inwoners aan die Rand. Eloff is daarna vrygelaat op voorwaarde dat hy twee ure moes wag voordat hy vanaf Boon se winkel sou vertrek om sy verslag aan sy bevelvoerders te bring. Hy het dit gedoen en na twee ure na die plaas van veldkornet Piet Steenkamp daar naby gery. Eloff se makkers het intussen na Krugersdorp teruggejaag en die kommandant van die nabyheid van die invalsmag in kennis gestel. Steenkamp het reeds begin om die burgers vir kommandodiens op te roep, toe Eloff daar opgedaag het.[123]

Die Jamesoninval het nie die einde van die "uitlanderkwessie" vir die Zuid-Afrikaanse Republiek beteken nie. Alhoewel die regering deur die gebeure gedwing is om sekere toegewings aan die uitlanders te maak, het die inval andersyds as 'n stimulus gedien wat tot groter politieke betrokkenheid deur die uitlanders gelei het. Die Jamesoninval het alle pogings om 'n Suid-Afrikaanse federasie van state op 'n vreedsame wyse tot stand te bring, die nek ingeslaan. "Hoe verreikend die gevolge van die mislukte inval ook al was, vervaag die belangrikheid daarvan wanneer dit uit die perspektief van die meeste Swartinwoners van Transvaal beskou word. Selfs al het die inval geslaag, sou hulle nog steeds in 'n ondergeskikte posisie as 'n bron van goedkoop arbeid verkeer het. Wat die Blanke gemeenskap betref, was die Jamesoninval egter 'n belangrike mylpaal op die pad na oorlog... Dit was duideliker as ooit tevore dat die onafhanklikheid van die republiek bedreig was, en die Kruger-regering het dus op groter skaal begin bewapen."[124]

## 2.5. DIE SUID-AFRIKAANSE OORLOG

Na die Jamesoninval het die verhouding tussen Brittanje en die Zuid-Afrikaansche Republiek versleg. Die Zuid-Afrikaansche Republiek het hom nie net op politieke gebied vir oorlog teen Brittanje voorberei nie, maar ook sy verdediging opgeknap en sy burgers met meer moderne wapens begin toerus. Teen 1898 was oorlog onvermydelik en "president Kruger was daarvan oortuig dat daar opgetree moes word voordat die Britse militêre maatreëls voltooi

123 H.M. Hole, *The Jameson Raid*, pp.166-174.

124 A.M. Grundlingh, "Die voorspel tot die Tweede Anglo-Boereoorlog, 1881-1899", T. Cameron & S.B. Spies, *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*, p.192.

was".[125] Op 4 Oktober 1899 het Kruger 'n ultimatum aan die Britse Regering gestuur om die opbou van 'n troepemag in Suid-Afrika te stop en vyandelikhede teen die Republiek te staak. Teen 11 Oktober 1899 het die ZAR-regering geen reaksie op die ultimatum ontvang nie. Die Suid-Afrikaanse Oorlog het begin.

Hierdie oorlog is ook bekend as die Anglo-Boereoorlog of die Tweede Vryheidsoorlog. Terwyl geskiedskrywers in die verlede baie aandag aan die oorlog as 'n militêre offensief gegee het, is minder aandag aan die stryd van die nie-vegtendes om oorlewing op plase, in dorpe en in konsentrasiekampe gegee. Krugersdorp is geen uitsondering nie. Die optrede van die Krugersdorp Kommando in die oorlog en die heldedade van die burgers onder generaals Ben Viljoen, Jan Kemp[126], Jan Celliers en Sarel Oosthuizen is deur Van Aardt[127] nagevors. Behalwe die vier generaals het Krugersdorp ook manne opgelewer soos kommandant J.C. Bodenstein en die beroemde Danie Theron. Van die vier generaals was Kemp waarskynlik die prominentste, terwyl die Krugersdorp Eeufeesalbum[128] Viljoen as die kleurrykste figuur beskryf.

Die Krugersdorpkommando het aan die begin van die oorlog met onderskeiding aan die Natalse front opgetree, waarna hulle aan die Slag van Magersfontein deelgeneem het. Na die oorgawe van genl. Cronje by Perdeberg was die kommando in verskeie kleiner en groter veldslae betrokke, asook by die inval in die Kaapkolonie in 1901, terwyl genl. J.C. Kemp en sy kommando verantwoordelik was vir die beskerming van die Krugersdorpdistrik. Die kommando het aan verskeie veldslae in die Wes-Transvaal deelgeneem,soos aangedui op Kaart no.6, onder andere die Slag van Vlakfontein (30 Mei 1901), die Slag van Moedwil (30 September 1901), die Slag van Driefontein (24 Oktober 1901), die Slag van Yzerspruit (25 Februarie 1902), die Slag van

125 A.J.H. van der Walt, "Vier jare van spanning", A.J.H. van der Walt, e.a., *Geskiedenis van Suid-Afrika*, Derde bygewerkte uitgawe, Tweede druk, p.406.

126 Generaal Kemp het 'n boek oor die Suid-Afrikaanse Oorlog gepubliseer. Kyk J.G.C. Kemp, *Vir vryheid en vir reg*.

127 J.M.H. van Aardt, *Die aandeel van die Krugersdorp kommando aan die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902* (ongep. M.A.-verhandeling, PU vir CHO, 1950).

128 W. de Klerk (red.), *Krugersdorp 100 jaar/years*, pp.61,62.

Tweebosch (7 Maart 1902), die Slag van Boschbult (31 Maart 1902) en die Slag van Roodewal (11 April 1902).[129]

Verskeie groter en kleiner skermutselings het in die omgewing van Krugersdorp voorgekom. Die uitsondering is die Slag van Nooitgedacht wat op 13 Desember 1900 in "Die Moot"[130] plaasgevind het. Die Boeremagte onder generaals De la Rey, Smuts en Beyers het hier die Britse mag onder majoor-generaal Clements verslaan. Alhoewel Clements daarin geslaag het om met ongeveer twee-derdes van sy mag te ontsnap, het die Boeremagte die oorwinning behaal en 'n groot hoeveelheid voorrade, trekdiere, gewere en ammunisie gebuit. Altesaam 78 burgers en 332 Britse soldate het in die Slag van Nooitgedacht gesneuwel.[131]

Die Slag van Nooitgedacht kon die grootste nederlaag vir die Britse magte in die Suid-Afrikaanse Oorlog gewees het as die Boeremagte daarin geslaag het om Clements met sy hele kamp en mag gevange te neem. Die Boeremagte het egter die inisiatief verloor, wat Pakenham toeskryf aan die "loosely organized Boer armies, ill-disciplined and ill-coordinated".[132] Ook Pretorius sien nie die Slag van Nooitgedacht as De la Rey se grootste oorwinning nie as gevolg van die burgers se ongedissiplineerde optrede en plundery van die Britse kamp voordat die oorwinning beklink is. Die Suid-Afrikaanse Oorlog was ver van "oor", soos in hierdie stadium voorspel is deur die Britse Oppergesag, alhoewel die verlies aan inisiatief die Boeremagte gedwing het tot 'n meer defensiewe vorm van guerilla-oorlogvoering.

### 2.5.1 TOESTANDE IN DIE DORP

Min besonderhede is bekend oor die omstandighede in Krugersdorp tydens die oorlog. Die dorp het direkte aanvalle en beleëring vrygespring. In Junie 1900 is die dorp sonder slag of skoot deur generaal A. Hunter ingeneem en onder

---

129 Raadpleeg J.M.H. van Aardt, *Die aandeel van die Krugersdorp kommando...*, en J.C.G. Kemp, *Vir vryheid en vir reg*, vir besonderhede oor die optrede van die Krugersdopers in die Suid-Afrikaanse Oorlog.

130 "Die Moot" verwys na die vrugbare Magaliesriviervallei naby Hekpoort. Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer K35, *Krugersdorp, geskiedenis van dorp en distrik*, sd.

131 'n Gedenksuil is in die Krugersdorp Begraafplaas vir die gesneuwelde soldate opgerig. Persoonlike waarneming na ondersoek ter plaatse.

132 T. Pakenham, *The Boer War*, illustrated edition, pp.242,243.

Krygswet geplaas. Die Britse troepe (foto no.5) het volgens oorlewering hulle hoofkwartier ingerig in die Distriksdorp, in 'n huis wat vandag bekend is as die *Kilmarnochhuis*. Schutte[133] gee aandag aan die toestande in die dorp voor die afkondiging van Krygswet, maar meld ook dat argivale inligting hoofsaaklik oor krygsverrigtinge handel en dat inligting oor toestande in die dorp "uiters skaars" is. Hy gee in sy navorsing aandag aan die verwarring wat onder die inwoners geheers het en probleme wat die landdros ondervind het in die bestuur van die dorp nadat Johannesburg in 1900 ingeneem is.

Krygswet het geïmpliseer dat die beweging van die inwoners ingeperk was. Die militêre regering het in 'n buitengewone koerant op 5 Julie 1900 alle openbare byeenkomste en vergaderings vir die duur van die Krygswet verbied. Verder was geen persone sonder 'n geldige reispermit toegelaat om die dorp te verlaat, of om op die platforms van die stasie te wees nie.[134]

Krugersdorp was nie die nood en ellende wat die oorlog meegebring het, gespaar nie. Die skaarste aan lewensmiddele het nie net die slagoffers in die konsentrasiekamp geraak nie, maar ook die inwoners van die dorp en distrik. Die toestand is vererger deur die sluiting van die winkels, kantiene en hotelle omdat die eienaars met die uitbreek van die oorlog, die dorp verlaat het. Desnieteenstaande het 'n paar van die groter besighede, onder andere *Hompes en Seehoff*, *Harvey Greenacre* en *McCloskie en Te Water*, voortbestaan en volgens Schutte 'n ontskatbare diens aan die gemeenskap gelewer. Die meeste gesinne wat broodgebrek gely het, was op die Krugersdorpse goudvelde woonagtig. Hulle nood is vererger met die sluiting van die myne.[135] 'n Voedingskema[136] en 'n mediese hulpskema is in die lewe geroep.[137] Die noodlenigingsprogram is later na die Krugersdorp Konsentrasiekamp uitgebrei.

---

133 M.A. Schutte, *Die geskiedenis van Krugersdorp...*, pp.92-119.

134 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer A1.4, *Anglo Boer War*, sd.

135 M.A. Schutte, *Die geskiedenis van Krugersdorp...*, pp.110-112. Kyk ook Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Government Gazette*, 22 Nov. 1901, p.1649.

136 'n Lewensmiddele Komitee is reeds voor die aanvang van die oorlog deur die ZAR-regering in die lewe geroep met die spesifieke opdrag om om te sien na die behoeftes van die vrouens en kinders terwyl die mans kommandodiens verrig. S.J. Esterhuizen, *Die ekonomiese en maatskaplike toestande van die gewese republikeinse burgers in die Transvaal-kolonie, 1900-1910* (ongep. D.Phil.-proefskrif, UP, 1965), p.31.

137 M.A. Schutte, *Die geskiedenis van Krugersdorp...*, pp.112,113.

'n Gesondheidskomitee is in Oktober 1901 in die lewe geroep onder die Britse militêre bewind om die bestuur van die dorp oor te neem. Die komitee het bestaan uit vier lede en die Assistent Resident Magistraat. Die Gesondheidskomitee het met die stigting van die Krugersdorp Munisipaliteit op 5 Desember 1903 ontbind.[138]

Die Zuid-Afrikaansche Republiek is op 1 September 1900 deur Lord Roberts, opperbevelhebber van die Britse magte in Suid-Afrika, as Britse kolonie geannekseer. Die nuwe kolonie het as *The Transvaal Colony* bekend gestaan en al die inwoners daarvan is as Britse onderdane beskou. Inwoners in die dorpe was verplig om 'n opname te maak van al hulle besittings, waarvoor 'n permit uitgereik was. Die doel hiervan was om te voorkom dat die vegtende burgers van lewensmiddele voorsien word. Landdros J.C. Human was saam met M.W.P. Pretorius, C.C. de la Rey, S. von Blommenstein, A. Vorster, A. Te Water en D. Grundlingh deur die Britse militêre bestuur as kwaadstokers beskou. Blykbaar was almal bejaarde manne wat nie aktief aan die oorlog deelgeneem het nie, maar gereeld in die dorp byeengekom het om inligting rakende die oorlog uit te ruil. Human was ook daarvan verdink dat hy inligting by Britse offisiere inwin en dan op een of ander manier aan die Boere deurgee en dat hy gevange burgers of "hensoppers" beïnvloed het om terug te keer na die kommando's en die oorlog voort te sit.[139]

Met die anneksasie van die Zuid-Afrikaansche Republiek het die Britse magte gedink dat die oorlog feitlik oor was en dat die oorblywende weerstand van die burgers te velde, gou afgebreek sou word. Brittanje sou egter 'n duur les leer. Die taak om die laaste "opruiming" te doen, was aan Roberts se opvolger, Lord Kitchener, oorgelaat. Die burgers het egter besluit om die stryd voort te sit in 'n nuwe guerilla-oorlog. Die nuwe oorlog was volgens Pakenham[140] "een wat ewe veel tyd, geld en lewens sou kos en wat ook veel bitterder sou wees, omdat die burgerbevolking regstreeks daarby betrokke was".

---

138 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 25 October 1904*, p.3.

139 TAB, Pretoria, PM, band 6, verw. 429, Verslag Lt. Col. H.T. Hicks (Krugersdorp)-Provost Marshall, 1 Des. 1901.

140 T. Pakenham, "Die Tweede Anglo-Boereoorlog, 1899-1902"; T. Cameron & S.B. Spies, *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*, p.212.

### 2.5.2 KONSENTRASIEKAMPE IN KRUGERSDORP

Die Britte se "verskroeide aarde" beleid, waartydens plaashuise en landerye vernietig en afgebrand is, en die opkommandering van lewende hawe as voedsel vir die Britse magte, het duisende vroue en kinders weerloos gelaat. In September 1900 het Lord Roberts opdrag gegee dat vlugtelingkampe opgerig moes word. Lord Kitchener het later opdrag gegee "dat alle nie-strydendes in sekere gebiede na die kampe verwyder moes word, en teen die einde van die oorlog was daar meer as veertig kampe wat 116 000 Blankes gehuisves het, en meer as sestig afsonderlike kampe met ongeveer 115 000 Swartes".[141]

Krugersdorp het een van die grootste konsentrasiekampe in die Transvaal Colony gehad (foto no.6). Die kamp was noord-oos van die Park[142] teen die hange van die heuwel naby die Paardekraal monument aangelê. 'n Nabygeleë fontein en spruit het water aan die kamp en die dorp voorsien.[143] Die watervoorsiening was nie standhoudend en voldoende nie. Besoedelde water as gevolg van die groot hoeveelheid mense wat daarvan afhanklik was, het 'n groot gesondheidsprobleem ingehou. Een van die kampkinders, C.S.E. Ackerman, onthou dat daar 'n groot samedromming by die waterpunt was. Die water het drupsgewys uit die pomp gekom.[144]

'n Britse garnisoen was noord-oos van Krugersdorp gestasioneer. 'n Blokhuis bo-op die heuwel bokant die konsentrasiekamp, het 'n oog oor die dorp en kamp gehou. Die superintendent van die kamp was 'n mnr. Tomlinson en die permanente mediese offisier dr. Aymard.[145]

Die toestande in die Krugersdorp konsentrasiekamp was nie veel anders as in vele ander kampe tydens die oorlog nie. Swak, oorvol behuising, karige voedselrantsoene en nog kariger ander lewensmiddele soos meubels en komberse, was aan die orde van die dag. Volgens die "Ladies Commission"

---

141 T. Pakenham, "Die tweede Anglo-Boereoorlog"..., p.214.

142 Die Park is later die "Coronation Park" genoem na aanleiding van die kroning van Eduard VII as koning van Engeland in 1902. Biblioteek, Krugaersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer C13, *Coronation Park*, sd.

143 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer C20, *Concentration Camp*, sd.

144 Nasionale Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein, band OM 5890/89, Brief C.S.E. Ackerman-Organiseerders Herdenkingsfees, Krugersdorp Konsentrasiekamp, 1982.

145 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer C20, *Concentration Camp*, sd.

wat in die dorp in die lewe geroep was om die lot van die kampinwoners te verlig was daar 'n groot onvermoë aan die kant van kampbewoners om in hulle eie behoeftes te voorsien, of om hulle lewensomstandighede te verbeter.[146] Dit moes baie moeilik gewees het om onder die traumatiese ervaring van gevangeneming, vernietiging van huis en eiendom en die ontberende reis by die kamplewe aan te pas. Dit was veral 'n Engelse dame, Emily Hobhouse, wat die onregverdige behandeling en bars optrede van die Britse soldate teen vroue en kinders in die kampe onder die aandag van die Britse Regering gebring en dit 'n lewenstaak gemaak het om die lot van kampbewoners reg oor Suid-Afrika te verlig. Ook die Krugersdorp Konsentrasiekamp het voordeel hieruit getrek.

Dit was veral voedselrantsoene wat verbeter het. Aanvanklik het Lord Kitchener opdrag gegee dat die gesinne van mans wat oorgegee het, beter huisvesting en voedsel moes kry as die gesinne van strydende manne.[147] Hierdie rantsoene was in twee groepe verdeel, naamlik Klas I en Klas II. Die rantsoene van Klas I was uitgereik aan gesinne waar die manne bereid was om werk vir die Britte te verrig. Klas II was uitgereik aan die gesinne wie se mans nog strydende was, of geweier het om vir die Britse magte te werk.[148] Die volgende rantsoene is per week aan 'n gesin uitgereik:

| **Voedselrantsoene: Krugersdorp Konsentrasiekamp** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Beskrywing** | **Klas I** | | **Klas II** | |
| Meel | 7 lb | een keer per week | 7 lb | een keer per week |
| Koffie | 6 oz | een keer per week | 4 oz | een keer per week |
| Suiker | 12 oz | een keer per week | 8 oz | een keer per week |
| Sout | 4 oz | een keer per week | 4 oz | een keer per week |
| Vleis | 1 lb | twee keer per week | 1 lb | twee keer per week |

**Figuur 1**

'n Aanvullingsrantsoen van een pond mieliemeel was uitgereik wanneer beskikbaar. Rys is uitgereik wanneer beskikbaar. Melk was uitgereik aan siekes

146 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer C20, *Ladies Commission*, sd.
147 T. Pakenham, "Die Tweede Anglo-Boereoorlog"..., p.14.
148 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer C20, *Concentration Camp*, sd.

en kinders onder die ouderdom twee jaar.[149] Dit is duidelik dat die bogenoemde voedselrantsoene skaars voldoende was om in die noodsaaklike voedselbehoeftes van 'n gesin te voorsien. Die getal lede in 'n gesin is klaarblyklik ook nie in aanmerking geneem in die bepaling van die grootte van die rantsoen nie. Uit foto's in die versameling van die Nasionale Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein, is dit duidelik dat ondervoeding algemeen in die konsentrasiekampe voorgekom het.

Daar is van die kampbewoners verwag om selfversorgend op te tree. A.C.E. Ackerman, waarna reeds verwys is, het onthou hoe sy as tienjarige kind op 'n oop konka kos moes voorberei en daarna die skottelgoed gewas het. 'n Rantsoen kole is aan elke gesin uitgereik. Die plaasmense was gewoond om hout as vuurmaakmiddel te gebruik en volgens H.J. van Jaarsveld[150] het sy as kind ure in die veld naby die kamp rondgeloop op soek na mis en brandhout. 'n "Hensopper" wat sy nie by name genoem het nie, het vir hulle gewys hoe om in 'n konka met kole vuur te maak.

Dit is bekend dat vreemde voorwerpe soos vitrioel in kosrantsoene by verskeie konsentrasiekampe voorgekom het. C.S.E. Ackerman[151] maak in haar herinneringe aan die Krugersdorp Konsentrasiekamp, ook daarvan melding. Hester Maria Broodryk[152] het as dogter deur 'n gat in die draad gekruip, mis in die veld opgetel en dit dan in die dorp vir vars melk verruil. Die moeder van H.J. van Jaarsveld[153] het 'n permit gehad om wasgoed vir soldate en inwoners in die dorp te was en te stryk. Sy het die blikkieskos wat hulle in die kamp gekry het, in die bondel gestrykte wasgoed uitgesmokkel. In die dorp het sy dit vir vars groente geruil, wat sy dan weer in die bondel wasgoed teruggesmokkel

---

149 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer C20, *Concentration Camp*, sd.. Volgens *Keartland's Metrieke omsettings tabelle,* is een ons gelyk aan 28,39524 gram (tabel 29) en een pond gelyk aan 0,453 59237 kilogram (tabel 31).

150 Nasionale Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein, band OM 5890/89, Brief H.J. van Jaarsveld-Organiseerder Herdenkingsfees, Krugersdorp Konsentrasiekamp, 1982.

151 Nasionale Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein, band OM 5890/89, Brief C.S.E. Ackerman-Organiseerder Herdenkingsfees, Krugersdorp Konsentrasiekamp, 1982.

152 Nasionale Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein, band OM 5890/89, Brief H.M. Broodryk-Organiseerder Herdenkingsfees, Krugersdorp Konsentrasiekamp, 1982.

153 Nasionale Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein, band OM 5890/89, Brief H.J. van Jaarsveld-Organiseerder Herdenkingsfees, Krugersdorp Konsentrasiekamp, 1982.

het. Op hierdie wyse het sy haar gesin relatief gesond gehou deur aan hulle gesonde voedsel voor te sit.

Dit is bekend dat siektes soos masels, maagkoors en longontsteking epidemiese afmetings in konsentrasiekampe aangeneem het. Die meer as 1800 grafte in die Krugersdorp Begraafplaas in Burgershoop getuig daarvan dat Krugersdorp ook 'n hoë tol aan sterftes betaal het. Die onderstaande tabel gee 'n opsomming van die kindersterftes in die Krugersdorp Konsentrasiekamp vir die maande Oktober en November 1901.

| **Kindersterftes Oktober-November 1901 Krugersdorp Konsentrasiekamp** | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Maand** | **Masels** | **Maag-koors** | **Long-ont-steking** | **Uit-tering** | **Kink-hoes** | **Epilep-sie** | **Ander siektes** | **Totaal** |
| Oktober | 48 | 6 | 10 | 3 | 1 | 1 | 1 | 70 |
| November | 25 | 3 | 2 | 1 | 0 | 3 | 1 | 35 |
| **Totaal** | **73** | **9** | **12** | **4** | **1** | **4** | **2** | **105** |

**Figuur 2**

Die kinders was met die uitsondering van een dogter van 17 jaar, almal onder die ouderdom 12 jaar. Die jongste kind was 'n baba van drie jaar. Van die ses volwassenes wat gedurende dieselfde periode gesterf het, het vier hartprobleme gehad, een vrou het tydens die geboorte van 'n kind gesterf en die ander een was 'n moeder van 33 jaar wat aan masels beswyk het.[154] C.G. Snyman[155] getuig hoe hy self 'n slagoffer van masels en kinkhoes in die kamp was. 'n Gesin "boesmantjies" het saam met die Van Jaarsveld-gesin[156] die ontberinge in die Konsentrasiekamp deurgemaak. Volgens H.J. van Jaarsveld het een van die "boesmantjies" in die kamp gesterf aan masels. Wanneer iemand in die kamp gesterf het, het die kampkommandant 'n fluitjie geblaas om almal van die afsterwe in kennis te stel, vertel J.C. Wolmarans.[157] In die afwesigheid van 'n

154 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Government Gazette*, 22 Nov. 1901 p.1653; *Government Gazette*, 6 Des. 1901, pp,1723-1724. Kyk ook Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr V10, *Vrouekampe*, sd.

155 Nasionale Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein, band OM 5890/89, Brief G.C. Snyman-Organiseerder Herdenkingsfees, Krugersdorp Konsentrasiekamp, 1982.

156 Nasionale Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein, band OM 5890/89, Brief H.J. van Jaarsveld-Organiseerder Herdenkingsfees, Krugersdorp Konsentrasiekamp, 1982.

157 Nasionale Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein, band OM 5890/89, Brief J.C. Wolmarans-Organiseerder Herdenkingsfees, Krugersdorp Konsentrasiekamp, 1982.

predikant, het haar oupa as die sieketrooster opgetree en die begrafnisdienste gelei.[158]

Die aanmelding van aansteeklike siektes en afsterwe van persone is op 8 Oktober 1900 afgekondig. As rede is aangevoer dat die afkondiging van die uitbreek van 'n aansteeklike siekte in openbare belang was, omdat voorkomende optrede vir die verspreiding van die siekte vroegtydig geneem kon word. Mediese beamptes het ingevolge hierdie proklamasie twee sjielings ontvang vir elke aansteeklike siekte wat hulle aangemeld het.

Die afsterwe van persone in die konsentrasiekamp is byna daagliks aangemeld. Proklamasie 10 van 1901 het bepaal dat die Resident Magistraat 'n ondersoek moes gelas na alle vinnige of "onnatuurlike" sterftes. Hy moes onderskei tussen gewelddadige dood en natuurlike dood.[159]

Die behandeling wat siekes in die kamphospitaal ontvang het, was nie altyd op strandaard nie. Die moeder van C.S.E. Ackerman[160] het agteraf haar kind wat met masels in die kamphospitaal was, ook nog met boererate en "Hollandse medisyne" behandel. Dit is bekend dat die behandeling van siekes in die kamphospitale oor die algemeen hardhandig, onsimpatiek en ontoereikend was. Klagtes van kampinwoners en selfs Emily Hobhouse het dikwels op dowe ore geval. Eers na 1902 was daar daadwerklik pogings aangewend om die toestande te verbeter.

Teen die einde van 1901 was daar ongeveer 5488 persone in die Krugersdorp Konsentrasiekamp en 'n verdere 3382 Swartmense in die konsentrasiekamp vir Swartmense.[161]

Die Swartmense en Bruinmense was in die stryd tussen Boer en Brit

---

158 Die Krugersdorp konsentrasiekamp kerkhof is in 1944 op inisiatief van die destydse burgemeester, opgeknap. 'n Gedenksteen met die name van oorledenes is by die kerkhof opgerig. Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer C20, *Concentration Camp*, sd.

159 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer C20, *Concentration Camp*, sd.

160 Nasionale Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein, band OM 5890/89, Brief C.S.E. Ackerman-Organiseerder Herdenkingsfees, Krugersdorp Konsentrasiekamp, 1982.

161 TAB, Pretoria, SNA, band 59, verw. 2097/01, Verslag De Lotbinière-Hoë Kommissaris, Des. 1901; MGP, band 137, verw. 6312A/01, Verslag De Lotbinière-Militêre hoofkantoor, Des. 1901.

vasgevang. In die Krugersdorp konsentrasiekamp was daar 'n onbekende aantal Nieblanke gesinne wat die lyding en ellende van die kamplewe saam met die Blanke "plaaseienaars" deurgemaak het. Daar is reeds verwys na die "boesmantjies" wat saam met die Van Jaarsveldgesin na die kamp geneem was. 'n Berig in *Die Beeld* van 3 Julie 1990[162] verwys ook na die teenwoordigheid van Swartmense in 'n Konsentrasiekamp in Krugersdorp: "Volgens eerw. E. Farmer, 'n sendeling wat dié kampe gereeld besoek het, het gekleurdes in die Krugersdorp konsentrasiekamp hom vertel van hul vee, huise en landerye wat vernietig is. Gesinne is opgebreek en baie van die mense het nie eens geweet of broers, susters, kinders en ouers meer leef nie". Die berig gaan voort om na ander konsentrasiekampe vir Swartmense te verwys en som die omstandighede van die mense op as "behoeftig en ellendig ... baie gaan van dag tot dag dood ... kan nie dink wat van die oorlewendes gaan word nie ... hulle het alles verloor".

Die lyding en ellende wat die Afrikaner vroue en kinders in die konsentrasiekampe moes deurmaak, is bekend. Dat die lot van die Swartmense en gekleurdes in die kampe net so erg was, is 'n feit wat tot onlangs min aandag in die geskiedskrywing ontvang het.[163] Die toestande van die Swartmense was dikwels veel hagliker as die van die Blankes omdat hulle nie gereken was nie, maar gesien was as 'n bron van goedkoop arbeid. Deur swak omstandighede en power rantsoene was hulle gedwing om vir die Britse magte te werk as hulle wou oorleef.[164]

'n "Native Refugee Department" is in 1901 gestig om na die belange van die Swartmense om te sien en arbeid vir die Britse magte te voorsien.[165] Arbeid

162 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer C20, koerantknipsel, *Die Beeld*, 3 Jul 1990. Kyk ook P Warwick, *Black people in the South-African War, 1899-1902*, p.156.

163 S.B. Spies het in sy doktorale proefskrif, wat in 1976 onder die titel *Methods of barbarism?* gepubliseer is, aandag aan die rol van gekleurdes in die oorlog gegee. Van Peter Warwick, 'n Britse historikus, het in 1983 *Black people in the South African War*, verskyn. Inligting oor Swartkonsentrasiekampe verskyn ook in *Die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902* van Fransjohan Pretorius; T. Cameron & S.B. Spies, *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld* en D. Oakes (Ed.), *Readers Digest illustrated history of South Africa: the real story*.

164 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer C20, koerantknipsel, *Die Beeld*, 3 Jul. 1990.

165 TAB, Pretoria, SNA, band 59, verw. 2097/02, Verslag De Lotbinière-Hoëkommissaris, 30 Sept. 1901.

was vir 'n verskeidenheid funksies en projekte van die militêre regering nodig, onder andere om die goudmyne weer in bedryf te stel. Die volgende tabel gee 'n opsomming van die arbeidsituasie in die Krugersdorp Konsentrasiekamp.

| Arbeidsituasie Krugersdorp Konsentrasiekamp vir Swartmense | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Aantal persone in kamp** | | | | **Aantal in diens van regering** | | | **Aantal in diens van Kampsuperintendent** | | | **Aantal in private diens** | | |
| | *M* | *V* | *K* | *Totaal* | *M* | *V* | *K* | *M* | *V* | *K* | *M* | *V* | *K* |
| Desember 1901 | 2335 | 422 | 625 | 3382 | 1288 | 190 | 0 | 0 | 0 | 0 | 2 | 10 | 9 |
| Maart 1902 | 428 | 640 | 1192 | 2260 | 31 | 0 | 0 | 46 | 28 | 2 | 4 | 13 | 11 |
| Julie 1902 | 385 | 638 | 1221 | 2244 | 266 | 0 | 2 | 38 | 6 | 3 | 22 | 27 | 21 |

M = Manlik V = Vroulik K = Kinders

**Figuur 3**

Al die magte en pligte wat volgens die ZAR-wetgewing aan die lokasie superintendent opgedra is, is na die kampsuperintendent of naturelle kommissaris oorgedra.[166]

Voedselrantsoene was karig in die Swartkonsentrasiekampe. Swartmense wat bereid was om te werk het een sjieling loon per werkdag plus 'n gratis rantsoen ontvang. Die gesinne van hierdie Swartmense het rantsoene teen halfprys ontvang. Hulle moes vir hierdie rantsoene betaal. Swartmense wat nie wou werk nie, maar sterk en gesond genoeg was om te werk, moes ook vir hulle rantsoene betaal. Bejaardes, swakkes, siekes en kinders het gratis rantsoene ontvang.[167] In 'n poging om die Swartkonsentrasiekampe meer selfonderhoudend te maak, is die Swartmense toegelaat om sedert Augustus 1901 groente en graan vir eie gebruik te verbou.[168]

Verskeie van die Swartkonsentrasiekampe moes as gevolg van die nuwe beleid, verskuif word na plase met geskikte landbougrond. Die Krugersdorp Swartkonsentrasiekampe is vanaf Roodepoort verskuif na die plaas Waterval

166 TAB, Pretoria, SNA, band 2097, verw. 1901, Register, Des. 1901; band 966, verw. 1902, Register, Mrt. 1902; band 59, verw. 1902, Register, Jul. 1902.

167 TAB, Pretoria, SNA, band 59, verw. 2097/02, Verslag De Lotbinière-Hoëkommissaris, 30 Sept. 1901.

168 TAB, Pretoria, MGP, band 137, verw. 6312A/01, Brief De Lotbinière-Militêre hoofkantoor, Hoofvan staf, 14Des. 1901.

aan die westekant van die dorp.[169] Die verbouing van groente op Waterval was klaarblyklik suksesvol, want die Native Refugee Department wou nie die oes op die land na die plaaseienaar, A.F.H. du Toit, aan die einde van die oorlog oordra nie. Slegs een derde van die oes was aan Du Toit afgestaan. Die Native Refugee Department het die res van die oes gehou as kompensasie vir hulle arbeid en uitgawes om die oes op die land te kry.[170]

Volgens navorsing van Van der Westhuizen was Swartmense in 'n konsentrasiekamp te Krugersdorp geplaas voordat die kamp vir Blanke vroue en kinders op die dorp gevestig is. Min inligting is oor die kamp beskikbaar, maar dit wil voorkom asof die grootste aantal vlugtelinge in Desember 1901 in die kamp was.[171] Die konsentrasiekamp vir Swartmense is in Oktober 1902, vyf maande na die einde van die oorlog, gesluit. Verskeie Swartmense was huiwerig om na die oorlog terug te keer na die plase waar hulle voor die oorlog gewoon het.[172] Die Swartmense het gou geleer dat die oorlog en konsentrasiekampe nie veel aan hulle status en posisie in die land verander het nie. Die toekoms het vir hulle nie veel meer as loonarbeid ingehou nie. Van die verwagte modernisering van die arbeidsregulasies het niks gekom nie. Oor die algemeen het die Swartmense gevoel dat hulle deur Brittanje verraai is.[173]

## 2.6. DIE NA-OORLOGSE PERIODE TOT 1903

Die oorlog het op feitlik alle terreine van die samelewing verandering gebring. Wat 'n tydperk van groei en ontwikkeling moes wees, het vir die verarmde boerebevolking 'n stryd om oorlewing geword. Die Assistent Resident Magistraat van Krugersdorp het die militêre administrasie van die dorp oorgeneem. Die eerste ses maande ná die vredesluiting in 1902 het die

---

169 Die Krugersdorp Wildtuin is in die sestigerjare op die plaas Waterval aangelê. Die terrein van die Swartkonsentrasiekamp val waarskynlik binne die leeukamp. Hierdie aanname word gegrond op die oorblyfsels van groot groentetuine wat in die leeukamp aangetref word. Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling inligtingslêer C20, *Concentration Camp*, sd.

170 TAB, Pretoria, LTG, band 124, verw. 115/31, Brief Sekretaris, Prokureur-generaal-Sekretaris, Luitenant-goewerneur, 24 Okt. 1902.

171 Museum, Krugersdorp, J.W. van der Westhuizen, *Black concentration camps during the South African War 1899-1902 with reference to the Krugersdorp Black concentration camp*, pp.30-32.

172 TAB, Pretoria, GOV, band 373, verw. PS53/01, Verskeie korrespondensie insake repatriasie van Swartmense 1902.

173 T. Pakenham, *Die Tweede Anglo-boereoorlog...*, p.216.

repatriasie van konsentrasiekamp inwoners en terugkerende krygsgevangenes (foto no.7) voorkeur aandag geniet. Die Krugersdorp konsentrasiekamp is in November 1902 gesluit.[174] Die mense was geestelik verslae en ekonomies lamgeslaan. Baie kon moeilik na die oorlog weer in hulle eie behoeftes voorsien.

Onder die voorsitterskap van die Assistent Resident Magistraat is 'n kommissie in 1902 aangestel wat aansoeke van burgers om skadevergoeding moes ondersoek en keur. Die kommissie moes ook toesien dat hulpverlening aan oudburgers behoorlik geskied het.

Volgens Esterhuizen het die kommissie die burgers in drie groepe verdeel volgens die omvang van die skade wat hulle as gevolg van die oorlog gely het, naamlik:

- Diegene wat feitlik alle besittings, vee en woonhuise verloor het en dadelik gehelp moes word.
- Diegene wat nie soveel verloor het nie en wel op eie stoom 'n begin kon maak, maar nogtans vir kompensasie in aanmerking gekom het.
- Diegene wat niks voor die oorlog besit het nie en dus niks tydens die oorlog verloor het nie, en daarom nie op hulpverlening of kompensasie geregtig was nie.[175]

Voedsel en implemente kon op skuld gekoop word by depots van die Koloniale Regering. Baie van die verarmde inwoners is hierdeur by die Regering in die skuld gedompel. Daarby het die owerheid ook 'n beleid gevolg om slegs Britse produkte vir die nuwe kolonie aan te koop.

'n Groot gedeelte van die inwoners was as gevolg van die oorlog gedwing om 'n bestaansekonomiese lewenswyse te volg. Dit kan veral van toepassing gemaak word op die terugkerende burgers en die eertydse delwersgemeenskap, maar ook ten opsigte van die Swartmense. Die hoë mortaliteit van babas onder die ouderdom van een jaar, kan as 'n aanduiding van die sosio-ekonomiese

---

174 F.C. Symington, *Die konsentrasiekampskole in die Transvaal en Oranje-Vrystaat* (ongep. M.Ed.-verhandeling, UP, 1943), pp.71,72. Kyk ook TAB, Pretoria, LTG, band 115, verw. 115/31, Korrespondensie insake burgerkampe, 1902.

175 S.J. Esterhuizen, *Die ekonomiese en maatskaplike...*, p.70

omstandighede in Krugersdorp na die Suid-Afrikaanse Oorlog gebruik word.[176].

| MORTALITEIT VAN BABAS IN KRUGERSDORP, 1903-04 | |
|---|---|
| **GROEP** | **PERSENTASIE** |
| Blankes | 66,6% |
| Nieblankes | 88,7% |

**Figuur 4**

Die meerderheid handelaars en professionele persone was invloedryke figure wat nie net op sakegebied aansien geniet het nie, maar ook as gemeenskapsleiers 'n belangrike aandeel in die bestuur van die dorp geneem het.

Krugersdorp het in 1903 nog gebuk gegaan onder die nagevolge van die Suid-Afrikaanse Oorlog. Op ekonomiese gebied het die dorp 'n geldtekort ondervind, wat veral die handel gestrem het. Daarby was die goudmyne ook nog nie in volle produksie nie as gevolg van inherente probleme en 'n gebrek aan "goedkoop" arbeid. Die mobilisering van kapitaal en die amalgamering van die kleiner goudmyne in een groot maatskappy sou eers in 1906 afgehandel wees.

Die inwoners van die dorp het betreklik afsonderlik gelewe. Die belangrikste woongebiede, naamlik die Standplaasdorp, Distriksdorp en Burgershoop, was in hierdie stadium nog fisies van mekaar verwyderd met groot stukke oop ruimtes tussenin. Die afstand tussen die woongebiede het bygedra tot die ontstaan van 'n kunsmatige sosiale afstand tussen die inwoners van die Distriksdorp en die Standplaasdorp aan die een kant en die inwoners van Burgershoop aan die ander kant. Die sosiale afstand is verder versterk deur die feit dat die inwoners van Burgershoop hoofsaaklik Afrikaanssprekendes was wat 'n heenkome op die steenmakerye moes vind en die "verslane" volk verteenwoordig het, terwyl die mynbase, professionele persone en sakelui hoofsaaklik in die Distriksdorp en Standplaasdorp gewoon het. Die meerderheid van die mynbase, professionele persone en sakelui was van Britse

176 Biblioteek, Krugersdorp, Aficanaversameling, *Mayor's minute for the period ending 25 October 1904*, p.30.

herkoms, of ondersteuners van die Britse imperiale optrede. Die Brits-koloniale lewensstyl wat die eerste dekades van Krugersdorp se geskiedenis gekenmerk het, kan grootliks toegeskryf word aan die professionele persone en sakelui wat in die gemeenskap as sosiale leiers opgetree het. Die tweede geslag Afrikaanssprekendes in Krugersdorp sou eers teen die twintigerjare van die eeu 'n meer prominente rol in die samelewing begin speel het.

Die lewensomstandighede van die Swart-, Bruin- en Indiërgemeenskappe was haglik. Die administratiewe bestuurstelsel voor 1903 het nie voorsiening gemaak vir behoorlike woongebiede vir die Nieblanke bevolkingsgroepe nie, omdat hulle verblyf in Krugersdorp as tydelik van aard gesien is. Dit is veral waar ten opsigte van die Swartmynwerkers wat na 'n vasgestelde kontrakperiode teruggekeer het na hulle stamgebiede. Die gevolg hiervan is dat die relatief onordelike vestiging van die Nieblankegemeenskappe deur swak gesondheidstoestande gekenmerk was.

Die Krugersdorpdistrik het swaar gebuk gegaan onder die gevolge van die oorlog. Waar die distrik voor die oorlog beskryf is as "...een van die mooiste, mees vrugbare en besbewerkte dele in Suid-Afrika ... met 'n onafgebroke reeks lande, tuine en behoorlike huise en plase ...", was dit na die oorlog "... 'n verwoeste, barre wildernis: al die lande is verniel, die bome van tuine is afgekap en met wortel en tak uitgehaal; die wonings is verbrand, die huise in vele gevalle nie alleen met vuur vernietig nie, maar ook met dinamiet opgeblaas, sodat geen steen onaangeroer gelaat is nie ... Geen lewendige dier, geen vrou, geen kind ...is te sien, sonder die tekens van angs, ellende, ja, selfs hongersnood, duidelik op die gelaat."[177] Die armoedige toestande waarin baie burgers na die Oorlog verkeer het, kan afgelei word uit fotos no. 8 en 9.

## 2.7. SLOTOPMERKING

Teen 1903 het Krugersdorp al die fisiese kenmerke van 'n dorp gehad, naamlik kulturele, administratiewe en ekonomiese funksies, fisieke strukture (geboue, strate, ensovoorts) en 'n ordelike rangskikking van die ingesetenes, geboue en instellings".[178] Werklike dorpsgroei het egter eers na die totstandkoming van

177 J.C.G. Kemp, *Vir vryheid en vir reg*, pp.387,388.

178 J.J.N. Cloete, *Munisipale regering en administrasie in Suid-Afrika*, p.2.

munisipale bestuur ingetree toe die dorpsraad op 'n meer georganiseerde wyse aandag aan huishoudelike sake gegee het.

Teen 1903 het Krugersdorp 19 483 inwoners gehad. Hiervan was 3 224 persone onder die ouderdom van vyftien jaar en 16 259 ouer as vyftien jaar. Die bevolkingsamestelling[179] word in die Burgemeestersverslag soos volg weergegee:

| Krugersdorp: Bevolkingstatistiek 1903 | | | |
|---|---|---|---|
| **Ras** | **Mans** | **Vroue** | **Totaal** |
| Blank | 3 982 | 2 675 | 6 657 |
| Swartmense | 11 307 | 784 | 12 091 |
| Bruinmense / Indiërs | 500 | 235 | 735 |
| **Totaal** | **15 789** | **3 694** | **19 483** |

**Figuur 5**

Let op die skerp kontras in die statistiek vir Swartmense as 'n aanduiding van die hoeveelheid mans wat sonder hulle gesinne as trekarbeiders in Krugersdorp gewoon en op die myne gewerk het.

Swak maatskaplike toestande, armoede, werkloosheid en 'n gebrek aan behoorlike huisvesting onder 'n groot deel van die bevolking, insluitende die Swart- en Indiërgemeenskappe, is van die ernstigste nagevolge van die Suid-Afrikaanse Oorlog waarmee die nuwe munisipale raad wat in 1903 tot stand gekom het, te kampe sou hê. Die ontwikkeling van 'n munisipale bestuurstelsel en infrastruktuur het langsamerhand, maar doelgerig geskied. Die sosiaal-kulturele ontwikkeling van Krugersdorp moet egter in die lig van die nasionale politieke beleid en denkwyses van die tyd gesien en verstaan word.

179 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's minute for the period ending 25 October 1904*, p.2.